Matieland

2:75

GOUE GELEENTHEDE

Daar's plek vir u in Volkskas se wêreld. 'n Wêreld van professionele kundigheid, sekuriteit, vertroue en diens. 'n Wêreld waar u universiteitsopleiding 'n waardevolle bate is om u werktevredenheid te waarborg en 'n sinvolle loopbaan te help bou in die bankwese.

In die moderne geldwese staan Volkskas bankvas op die voorpunt van vooruitgang. As bank. As werkgewer. Dis waar duisende jong Suid-Afrikaners saam bou aan 'n lonende loopbaan en 'n lewenskragtige landsekonomie.

Dis 'n wêreld van aksie. Van vinnige besluite. Van felle mededinging. En voortdurende verandering. Verandering wat vordering bring en nuwe werkgeleenthede skep.

Indien u universiteitsopleiding voltooiing nader en u loopbaan binnekort moet koersvat, bied Volkskas u 'n lonende uitdaging. Kom gesels geleenthede met u Volkskas-bestuurder.

ARBEIDSAAMHEID

MAAK VOLKSKAS 'N BATE VIR U.

(Geregistreerde Handelsbank)

Advertor 5883/A

NOMMER TWEE
JAARGANG NEGENTIEN
AUGUSTUS 1975

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING ONDER REDAKSIE VAN RONNIE BELCHER

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus **bladsy drie**	Coetzenburg kry nuwe gedaante **bladsy twee-en-twintig**
Stellenbosch maak deurbraak met Engels **bladsy vyf**	Ons eerste intervasity-liedjies **bladsy vier-en-twintig**
Maggie Laubser en Stellenbosch—'n sluier gelig **bladsy ses**	Stellenbosch kry tien nuwe professore **bladsy ses-en-twintig**
Die Konservatorium word 70 **bladsy agt**	SBW-Stigting 'n belangrike mylpaal **bladsy agt-en-twintig**
Craven word heeltydse direkteur van sport **bladsy tien**	Nuusbrokkies **bladsy dertig**
Jaroslav Houba en tennis op Stellenbosch **bladsy twaalf**	Louis Pienaar ons nuwe ambassadeur in Frankryk **bladsy vyf-en-dertig**
Mitford-Barberton skenk Smuts-borsbeeld **bladsy veertien**	Oud-Maties sorg vir triomftoer deur U.S.-Koor **bladsy ses-en-dertig**
Ses Oud-Maties in nuwe Akademieraad **bladsy vyftien**	Beurse en pryse **bladsy veertig**
Vyf bekende Oud-Maties deur Akademie vereer **bladsy sestien**	In Memoriam **bladsy twee-en-veertig**
Geologiegebou vernoem na Kamer van Mynwese **bladsy negentien**	Saamtrekke **bladsy vier-en-veertig**
Geologiese Vereniging hou belangrike kongres **bladsy twintig**	Mnr James Honiball en die "uitdeelpakhuis" **bladsy ses-en-veertig**

VOORBLAD:
Op Stellenbosch woeker dit deesdae op die geologie-front (kyk bladsye 18 tot 21). Die "klipplaat" op die agtergrond is 'n omgekeerde ERTS-foto geneem uit 'n satelliet en is in werklikheid 'n deel van die Klein-Karoo, 15 400 vierkante kilometer groot! Die inlasfoto's toon halfedelgesteentes en versteende visse uit die versameling van die departement Geologie.
Die inlasfoto's is geneem deur Jochen Berger.

Gedruk deur
Trio-Rand Drukkers

Geologiegebou vernoem na Kamer van Mynwese

Vir die man wat die beste kan bekostig

Die brandewyn van hoogste reinheid.

★ ★ ★ ★ ★

BERGKELDER STELLENBOSCH

REDAKSIONEEL

Dit is seker die ideaal van elke universiteit dat sy oud-studente 'n verenigde front vorm. Vir die Universiteit van Stellenbosch, wat so afhanklik is van die welwillendheid van sy oud-studente, is dit een van die gróót ideale.

Elke bymekaarkom van Oud-Maties is vir die Universiteit van betekenis, en ons is altyd verheug om te verneem van dié of daardie gebeurtenis waar Oud-Maties in groot getalle teenwoordig was.

Matieland bring in hierdie uitgawe graag hulde aan een van die groot saambindende faktore van Oud-Maties, naamlik die Universiteitskoor Stellenbosch. Wanneer die koor weg van Stellenbosch optree, trek hy Oud-Maties in hulle honderdtalle. En hulle stroom na die Universiteitskoor omdat hulle in die eerste instansie oud-studente van die Universiteit van Stellenbosch is!

Hierdie groepie toegewyde jongmense is Stellenbosch se trots, maar vanjaar blyk dit weer eens oral waar die Koor optree: hulle is ook ons Oud-Maties se trots. Oral waar hulle vanjaar opgetree het, is die gevoel by Oud-Maties gelaat: ons is trots om met hierdie koor geassosieer te wees. Ons is trots op ons universiteit.

Die Universiteitskoor Stellenbosch is vanjaar in sy veertigste bestaansjaar. Die koor is in 1936 deur 'n groep sangliefhebbers onder leiding van mnr William Morris gestig. Een van die stigterslede was Philip McLachlan, die huidige dirigent van die koor.

Die koor het gou 'n instelling op Stellenbosch geword en onder leiding van prof. Gawie Cillié landswye bekendheid verwerf, danksy uitgebreide konserttoere en radio-uitsendings.

Een van die eerste dinge wat prof. McLachlan gedoen het nadat hy in 1956 die nuwe koorleier geword het, was om weens sy hoër eise ten opsigte van gehalte en repertorium die grootte van die koor van 150 tot vyftig, sestig uitgesoekte stemme te verminder.

Die koor onderneem gedurig toere deur alle dele van die Republiek en Suider Afrika, insluitende Malawi, Rhodesië, Owambo, Suidwes-Afrika en die Transkei.

In 1973 is die koor uitgenooi om deur 'n deel van Wes-Europa te toer, insluitende Wes-Duitsland en België, en om deel te neem aan 'n internasionale fees vir universiteitskore in Portugal. By hierdie fees het die koor hom uitstekend van sy taak gekwyt, en is hy hoë internasionale lof toegeswaai.

Die koor is ook uitgenooi om in die Verenigde State en Australië te sing, en het so pas 'n uitnodiging ontvang na die 12de Kongres van die International Society of Music Education in Switserland in 1976.

Die hoë aansien wat die koor tuis geniet, word weerspieël in die feit dat hy o.m. reeds twee keer by die inhuldiging van 'n Staatspresident opgetree het, te wete dié van die vorige Staatspresident, J.J. Fouché, op 9 April 1968 in Kaapstad, en van die huidige Staatspresident, dr N. Diederichs, op 19 April in Kaapstad vanjaar.

Die Universiteitskoor gaan nog steeds van krag tot krag, en 'n nóg roemryker toekoms word vir hom voorsien.

FOKUS

En hier is die Oud-Matie wat vanjaar weer oor die lengte en breedte van die land deur sy mede-Oud-Maties en andere staande toegejuig word: Philip McLachlan, leier van die Universiteitskoor Stellenbosch.

Aanstaande jaar vier hy sy mondigwording as leier van die koor. Onder sy leiding, en besiel met sy ideale wat ver bokant slegs sanggenot strek, het die koor jaar na jaar verbeter, ondanks die feit dat hy gereeld van sy senior koorlede verloor het en nuwe stemme in die koor moes inneem. Deur sy geduld, entoesiasme, kundigheid en kunssinnigheid het hy oor die jare die koor gebring tot die peil van perfeksie waarvoor hy vandag bekendstaan.

Prof. McLachlan is op 24 Maart 1916 op Joubertina gebore. Hy het ná matriek aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer en die grade B.Ed. (1938) en M.Sc. (1942) albei met lof verwerf. Nadat hy 'n ruk lank onderwys gegee het, is hy aangestel as lektor in die fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy tans hoof is van die departement Skoolmusiek. Hy het drie keer navorsing in hierdie rigting in die buiteland gedoen, eers in Engeland in 1947/8 en toe in 1961 en weer in 1968 in die Verenigde State.

Op die gebied van die skoolmusiek het hierdie merkwaardige man, wat as soöloog opgelei is en die skrywer is van wetenskaplike handboeke vir skoolgebruik, 'n groot bydrae gelewer in die opvoedkunde. Hiervoor is hy in 1972 met die goue erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon. In 1966 is die Merietetoekenning van die Kaapse Drie-eeuestigting aan hom toegeken.

Sonder staal sou jy oral heen moes loop.

Daar sou geen vervoer gewees het nie.

Staal is die ruggraat van ons toekomstige groei.
Daarom benodig Yskor mense soos u wat kan meehelp om aan die land se groeiende behoeftes te voldoen.
Bou 'n groter toekoms vir uself.
Vind uit wat Yskor kan bied.

Die Korporatiewe bestuurder (Personeel), Yskor
Posbus 450, Pretoria, 0001.
Stuur asseblief vir my verdere besonderhede oor loopbaangeleenthede by Yskor.

Naam: .....

Adres: .....

.....

YSKOR

Die wêreld het staal nodig. Staal het jou nodig

Odes Marais 1038/A

STELLENBOSCH MAAK DEURBRAAK MET ENGELS



Dr. J.T. Botha, hoof van die departement Engels in die fakulteit van Opvoedkunde.

Die Universiteit van Stellenbosch, wat reeds op verskillende terreine die voortou geneem en 'n leidende rol gespeel het in die ontginning van nuwe vakterreine, het so pas weer 'n nuwe onderskeiding verwerf. Dis die eerste universiteit in ons land wat voorsiening maak vir 'n graadkursus met spesialisering in die onderrig van Engels as tweede taal as hoofvak. Die kursus sal in 1976 in werking tree.

Binne die struktuur van die B.Ed.-graadkursus sal studente in die tweede semester hulle uitsluitlik kan bepaal by die een hoofvakrigting, naamlik Die Onderrig van Engels as Tweede Taal. Hierdie B.Ed.-graadkursus vorm die aanloop vir verdere navorsing op Meesters- en Doktorale vlak in die onderrig van Engels as tweede taal.

Dat die kursus in 'n wesenlike behoefte binne ons tweetalige land voorsien, word verder bewys deurdat die Kaaplandse Departement van Onderwys by monde van sy Adjunk-Direkteur die kursus verwelkom en veel daarvan verwag.

Toelating tot die kursus word beperk tot onderwysers wat reeds twee jaar Engels op skool gedoseer het en ten minste 'n tweejarige kursus in Engels aan 'n universiteit voltooi het.

Die onderrig van Engels as tweede en as vreemde taal is lank reeds 'n internasionaal erkende dissipline. Vanjaar word die tiende jaarlikse internasionale konferensie gehou waarop aspekte van die aanleer en onderrig van Engels as tweede taal die tema is. Op internasionale vlak is die vakrigting dermate erken dat verskeie universiteite reeds leerstoele ingestel het vir die vakgebied.

Suid-Afrika, met sy heterogene bevolking en twee amptelike tale, is by uitstek die milieu wat hom leen tot wetenskaplike navorsing op die gebied van die aanleer en onderrig van 'n tweede taal. En tog is daar min empiriese werk in hierdie vakgebied gedoen. Gebrek aan behoorlike tweetaligheid is reeds jare die noodkreet van onderwysdepartemente, van die staatsdiens, van die hotelwese, van alle instansies wat mense in diens neem en van wie 'n redelike vaardigheid in die twee landstale verwag word.

Die Universiteit van Stellenbosch onderneem nie om 'n landsprobleem oornag op te los met die instelling van hierdie kursus nie. Maar hy wil toon dat hy erns maak met die tweetaligheidsprobleem in ons land, en hy wil sy bydrae lewer deur te begin daar waar hy weet hy die landsbelang eindelik die meeste sal dien, naamlik by die kind op skool deur middel van onderwysers wat spesiaal opgelei is vir hierdie grootse taak. Met die instelling van hierdie spesialiseringsrigting het die Universiteit van Stellenbosch dan ook in pas gekom met internasionale denke oor die belangrikheid van hierdie vakgebied.

Die vak sal aangebied word deur die departement Engels in die fakulteit van Opvoedkunde.

STUDENTE KRY KLINIESE SIELKUNDIGE DIENS

'n Kliniese sielkundige diens vir studente is op 1 Julie vanjaar op Stellenbosch ingestel.

Die Universiteit se Gesondheids- en Studentevoorligtingsdiens is uitgebrei om daarvoor voorsiening te maak.

Dit sal voortaan op 'n sessiebasis op weeksmiddae van 2 nm. tot 4 nm. vir 'n proeftermyn van 12 maande tydens die akademiese jaar beskikbaar wees by die Buro vir Studentevoorligting in Victoriastraat.

Personeellede van die departement Sielkunde en van die Stellenbosse kliniek van die Stikland-Hospitaal, sal dié diens op 'n rotasiebasis lewer.

Die hoof van die departement Sielkunde, prof. A.B. van der Merwe sal as koördineerder optree.

Sielkundige dienste is by die meeste groot oorsese universiteite vir studente beskikbaar. Daar is bevind dat 'n redelike hoë persentasie studente – ook aan Suid-Afrikaanse universiteite – kliniese sielkundige hulp nodig het.

Die Raad van die Universiteit het ook goedkeuring verleen dat nog 'n geneesheer by die Studentegesondheidsdiens aangestel word. Dit bring mee dat daar nou twee geneeshere heeltyds by dié diens werksaam sal wees.

MAGGIE LAUBSER EN STELLENBOSCH
— *'n sluier gelig . . .*

deur
prof. H.B. Thom

Maggie Laubser val in daardie kategorie van bouers van geestelike waardes wat in hulle lewe swaarkry verduur, maar by hulle dood reeds groot is, en ná hulle dood nog steeds groter groei.

Dit lyk my wenslik om, naas al die waardering wat reeds oor haar en haar werk betuig is, die sluier te lig op een van die latere tonele van haar lewe, wat in ons kultuurgeskiedenis nie sonder betekenis is nie.

Maggie Laubser se huis Altydlig in die Strand, en ook 'n groot gedeelte van haar nagelate persoonlike goedere, het ooreenkomstig haar testament na die Universiteit van Stellenbosch gegaan. Aldus het die Universiteit deur die nalatenskap van Maggie Laubser 'n aanwins van seldsame waarde bekom, en dit, saam met die Maggie Laubser-werke wat reeds in die besit van die Universiteit was, het aan hom 'n versameling besorg wat seker altyd 'n lewende monument van ons gevierde Afrikaanse kunstenares sal bly.

Hierdie versameling is vir die Universiteit nie net 'n kosbare besit nie, maar dit bring ook 'n groot verantwoordelikheid mee, en dit besef die Universiteit ook, vandaar dat hy met behulp van goedgesindes reeds 'n historiese gebou net onderkant sy Kunsmuseum in Dorpstraat aangekoop het om daar sy blywende Maggie Laubser-museum in te rig.

'n Merkwaardige verloop . . . maar sulke dinge kom in die reël nie vanself nie: daar moet dinge gebeur, daar moet stappe gedoen word, om aan so 'n verloop vorm te gee. Aangesien dit my voorreg was om in hierdie geval regstreeks met die voorspel gemoeid te wees, is dit ter wille van die geskiedenis seker nie onvanpas om hierop lig te werp nie; en indien my uiteensetting erg subjektief klink – wat nou nie bra anders kan wees nie – wil ek vertrou dat dit my vergewe sal word.

Die ontslape kunstenares was 'n ondersteuner, selfs bewonderaar van die werk wat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die Afrikaner – en vir Suid-Afrika – gedoen het. Dit kon ook nouliks anders wees, want was sy dan nie self die produk van 'n Afrikanerhuis van die Bolandse, Afrikaanse platteland nie? Wanneer Akademielede byeen gekom het, en dit vir haar moontlik was om ook aanwesig te wees, was sy dikwels dáár.

So het sy in 1956 'n Akademie-funksie bygewoon. Ofskoon sy sekere van die verrigtinge met groot belangstelling gevolg het, het

sy, ingetoë en beskeie soos sy was, nie deur bespreking of andersins 'n opvallende aandeel geneem nie.

Gedurende die tee-onderbreking het sy en ek in gesprek geraak: met teleurstelling – dog sonder selfbejammering – het sy gepraat oor die gebrek aan belangstelling in die skilderkuns in Suid-Afrika, ongelukkig veral onder Afrikaners, haar eie mense. Ons het dit kortliks oor die redes gehad: jare van pionierstoestande, fisiese en geestelike beproewing, materiële verarming, die gebrek aan 'n bevrugtende geestelike milieu, 'n tekort aan strategiese en psigologiese aksiepunte, die gebrekkige belangstelling van die kant van die onderwys.

Ofskoon ons maar min tyd gehad het, het ons darem ook na middele ter verbetering verwys: liggame soos die Akademie kan meer doelbewuste leiding gee; die F.A.K. en die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) kan op die vlak van die mense self die kuns sterker indra; die owerheid, sentraal en provinsiaal, kan 'n betekenisvoller bydrae lewer.

Toe was al die ander mense alweer terug in die vergaderlokaal en ons moes ons haas, maar Maggie sê ten slotte – soos ek haar woorde min of meer onthou: "Dis veral 'n kwessie van opvoeding, daarom moet ons by ons leerlinge en studente begin."

Dit was vir my niks nuuts nie; maar die woorde het in my gedagtes bly steek.

Ná hierdie geleentheid het ons mekaar soms weer gesien, veel minder as wat ek sou verkies het, maar my werk as Rektor van die Universiteit en onder andere ook as Voorsitter van die F.A.K. het destyds swaar aansprake op my tyd gemaak. Die gesprekke met haar was altyd interessant en hartlik, maar dit het my tog enigsins gehinder dat daar niks konkreets uit voortgevloei het nie.

Kon Maggie ons dan nie help om iets konkreets te bereik nie? Geld het sy – soos ons almal geweet het – nie gehad nie; inteendeel, aan materiële middele was sy arm, en al het sy ook gelukkig in Altydlig in die Strand gewoon, het sy in dié tyd heelwat finansiële bekommernis verduur. Maar sy het 'n warme gesindheid teenoor haar medemens in haar omgedra; sy het die God-gegewe gawe van die ware kunstenaar ontvang en was reeds 'n erkende Suid-Afrikaanse – meer bepaald Afrikaanse – kunstenares; sy het na weë gesoek om die jongmense van haar tyd te dien; en sy was 'n groot vriendin van Stellenbosch, insonderheid die Universiteit van Stellenbosch. Sy was 'n bate vir die Afrikanervolk: Stellenbosch moes hierdie bate raaksien en help om dit na waarde in die diens van Suid-Afrika te stel.

Met sulke gedagtes het ek haar in die namiddag van Maandag 1 Julie 1957 by haar huis gaan besoek. Oor 'n koppie tee het ek dank uitgespreek vir die gesindheid wat sy teenoor die Universiteit van Stellenbosch toon en bygevoeg dat ons in haar kuns, en in haar persoonlik, belangstel. Inagnemende dat sy een-en-sewentig was, het ek, so diskreet as wat ek kon, kommer uitgespreek oor haar materiële omstandighede: Sou ons van die Universiteit se kant haar nie méér kon help met die reëling en bekendstelling van uitstallings nie, en sou die Universiteit haar nie, al is dit net tydelik, 'n bietjie materieel kon help nie?

Van die laaste wou sy niks weet nie, maar sy was sigbaar dankbaar en ontroer en gelukkig. Sy het met vrymoedigheid verduidelik dat die Universiteit haar na aan die hart lê, en sy het weldra ook die begeerte uitgespreek dat vaste eiendom, skilderye en meubels wat sy eendag mag nalaat, na die Universiteit moet gaan.

Ek het opregte waardering betuig, dog terselfdertyd daarop aangedring dat ons vir haar 'n maandelikse uitkering doen. Maar sy het volhardend teengestribbel. Toe het ek 'n plan bedink, en dit onverwyld aan haar gestel: Ons sal ten minste sorg dat sy met haar huis geen koste het nie; ons sal vir die munisipale belasting, elektrisiteit, water, afdelingsraadbelasting, assuransie en instandhouding instaan, maar aangesien dit 'n vertroulike reëling is en die huis haar eiendom bly, betaal ons nie regstreeks die betrokke rekeninge nie, dog ons maak aan haar 'n maandelikse uitkering wat, per jaar bereken, minstens gelykstaan aan die bedrag vir genoemde doeleindes. (Dit is later op £15 per maand bereken.)

Sy het egter by haar standpunt gebly: Sy kan nie "liefdadigheid aanneem nie". Ek het my bes gedoen om te verduidelik dat daar van "liefdadigheid" nie sprake is nie: Van ons kant help ons haar om rustig met haar werk voort te gaan; van haar kant help sy die Universiteit met haar daadwerklike en morele steun om sy opvoedingstaak des te beter uit te voer.

Eindelik het sy akkoord gegaan, maar met 'n voorwaarde. Wat sy in verband met vaste eiendom en skilderye gesê het, sal sy in haar testament beskrywe, en sy sal teenoor die Universiteit woord hou. Ek het gesê ek weet dit, en is dankbaar, maar wat is die voorwaarde?

"Mits ek nou reeds die huis aan die Universiteit gee," het sy geantwoord.

Ek het bemerk dat dit by haar 'n saak van eer was, en het toegestem. Ek sou sorg dat 'n notariële skenkingsakte opgestel word.

Op 4 Februarie 1958 het ek gerapporteer aan die Vise-Kanselierskomitee van die Universiteitsraad, wat my voorstelle aanvaar het en dit op Saterdag 15 Februarie vir goedkeuring aan die Universiteitsraad voorgelê het.

Die Raad het die skenkingsakte voor hom gehad. Daar was stilte toe ek die saak voordra, by sommige lede bewoënheid, by almal 'n gevoel van hoogskatting. Die Raad het die skenking "met opregte dank en waardering" aanvaar en my as Rektor en prof. S.J. Pretorius as Registrateur gemagtig om die skenkingsakte namens die Universiteit te onderteken.

Die Universiteit van Stellenbosch het al baie skenkings ontvang, sommige van honderdduisende rand, maar daar sal seker min wees waarvan die intensiteit van gevoel dié van Maggie Laubser oortref. Ons het ons daaroor verheug dat sy op hierdie wyse tot die kring van ondersteuners en vriende van die Universiteit van Stellenbosch toegetree het.

Maggie het getrou gebly aan die begeerte wat sy in Julie 1957 aan my uitgespreek het ten opsigte van haar meubels en skilderye. In haar testament het sy laat beskryf dat alle skilderye in haar huis ten tyde van haar dood, en ook al haar meubels en huishoudelike effekte, aan die Universiteit nagelaat word.

Sy het ook verder gegaan: Die volle opbrengs van die restant van haar boedel gaan ook na die Universiteit, wat die rente daarop sal aanwend vir steun aan twee studente in sy "kunsfakulteit", soos sy dit gestel het. Dit is aan hierdie testamentêre bemaking toe te skrywe dat die Universiteit, ná haar dood op 17 Mei 1973, in die besit gekom het van daardie kosbare skat waarvan aan die begin melding gemaak is.

Die nalatenskap van Maggie Laubser toon aan watter gesonde wisselwerking bewerkstellig kan word as 'n universiteit brûe bou met verdienstelike persone wat met die aard en karakter van so 'n universiteit aansluiting vind. Terwyl die betrokke persoon in vele opsigte daarby baat, gee dit aan die universiteit 'n addisionele geleentheid om in belang van sy eie gemeenskap, en van die maatskappy in die algemeen, sy taak uit te voer. Dit versterk die saak van die universiteit wanneer hy voor die publiek van sy werk verslag doen, en ook wanneer hy die hand in eie boesem steek om vir homself van sy eie *raison d'être* rekenskap te gee.

Wat Stellenbosch betref, hy sal Maggie Laubser se naam in dankbare herinnering hou; sy het deel van Stellenbosch en van ons kultuurgeskiedenis geword.

Die Konservatorium word 70

Prof. Richard Behrens

Die Konservatorium



Prof. F.W. Jannasch



Prof. Hans Endler

Prof. Maria Fismer



Prof. George van der Spuy

Die Konservatorium vir Musiek het op Saterdagaand 26 April vanjaar sy 70ste verjaardag met 'n uitnodigingskonsert in die Konservatoriumsaal gevier.

Dieselfde aand het die Rektor, prof. Jannie de Villiers, aangekondig dat tenders vir die bou van 'n nuwe Konservatorium in Mei gevra sal word.

Die Rektor se aankondiging – op 'n onthaal in die gebou van die departement Huishoudkunde – het 'n genoeglike aand pragtig afgerond. Dit was inderdaad 'n aand wat lank op Stellenbosch onthou sal word. En daarvoor moet die Direkteur van die Konservatorium, prof. Richard Behrens en sy personeel gelukgewens word.

Kort voor die aanvang van die konsert het 'n bekende Stellenbosse sakeman, mnr Wolfgang Heuer, 'n klavier aan die Konservatorium oorhandig wat omstreeks die tyd van die stigting deur een van die stigterslede, prof. F.W. Jannasch uit Berlyn ingevoer is, en wat sy naam in die hout bokant die klawers dra.

Twee kort klavierwerkies van Jannasch is deur dr Reino Ottermann, lid van die Konservatorium se personeel, op die klavier uitgevoer.

Daarna is twee kort tjellowerkies uitgevoer op 'n tjello wat aan 'n medestigter, prof. Hans Endler, behoort het. Die tjello is bespeel deur mev. Dorothy Johnman en sy is op die klavier begelei deur mev. Yvonne Richter, dogter van prof. Hans Endler. (Mev. Johnman was 'n leerling van prof. Endler.)



Die huidige personeel van die Konservatorium. Voor staan, van links na regs, prof. G.Z. van der Spuy, mnr H. du Plessis, mej. E. Cluver, prof. R.H. Behrens, mej. E. Tamassy, mnr L. Bowman en mnr B. Scholten. In die middelste ry staan, van links na regs, dr P. Loeb van Zuilenburg, mev. J. de Villiers, mnr D. Müller, mej. E. Heyns, mev. L. Antoniadis, mnr P. Martens, mej. E. Krause, mnr J. Antoniadis en dr R. Otterman, en in die agterste ry, van links na regs, mnr R. Hollstein, mej. M. Fourie, mnr P. de Lange, mnr H.P. van der Westhuizen, mev. K. Els, mnr R. Temmingh, mnr G. Fagan en mev. S. Louw.

Só is die nagedagtenis van twee groot name op die gebied van musiekopvoeding op Stellenbosch en in Suid-Afrika, op eenvoudige maar baie waardige wyse vereer.

Die konsert wat toe gevolg het, is aangebied deur lede van die personeel van die Konservatorium en was van so 'n puik gehalte dat hulle telkens dawerende applous ontvang het en verskeie kere na die verhoog moes terugkeer vir nog buigings.

Die stigting van die Konservatorium vir Musiek in 1905 was 'n mylpaal in die vestiging van Stellenbosch as opvoedkundige sentrum.

Die stigterslede was proff. F.W. Jannasch en Hans Endler, mnr. A. Schniter en die susters mej. N. de Villiers en mev. G.R. von Wiellich. Dit was aanvanklik bekend as die South African Conservatorium of Music en prof. Jannasch was die eerste hoof.

Hy is in 1920 opgevolg deur prof. Endler wat die pos tot 1934 beklee het.

In daardie jaar is die Konservatorium deur die Universiteit oorgeneem en ingelyf as volwaardige departement van die fakulteit van Lettere en Wysbegeerte. Dit is tot in 1939 direk deur die Universiteit bestuur en vanaf daardie jaar tot 1951 deur prof. Maria Fismer, dogter van mev. G.R. von Willich.

Sy is opgevolg deur prof. G.Z. van der Spuy wat van 1952 tot 1960 hoof was. Sedertdien word die pos deur die huidige Direkteur, prof. Richard Behrens beklee.

Dié foto is geneem kort voor die aanvang van die konsert ter viering van die Konservatorium se 70 ste verjaarsdag. Links voor sit mev. Dorothy Johnman ('n leerling van prof. Hans Endler), met mev. Yvonne Richter (prof. Hans Endler se dogter), agter die klavier. Agter staan, van links, mnr Wolfgang Heuer wat die Jannasch-klavier aan die Konservatorium geskenk het, dr Reino Ottermann en prof. Richard Behrens.

CRAVEN WORD HEELTYDSE DIREKTEUR VAN SPORT

Suid-Afrika se Mnr Rugby wat op Stellenbosch aan almal bekend is as "Dok", maar wie se eintlike titel professor doktor Danie Craven, hoof van die departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch is, is van Januarie aanstaande jaar aangestel as die Universiteit se eerste heeltydse Direkteur van Sport.

Hy tree vanjaar af as hoof van dié departement – 'n pos wat hy sedert 1947 beklee. Hy was sedert 1973 deeltydse Direkteur van Sport.

Op 30 Mei vanjaar is Dok op sy geliefde Stellenbosch in die eg verbind met mev. Merle Vermeulen. Sy getroue hond, Bliksem – met 'n pragtige strik om die nek – was deurentyd aan sy sy.

Bliksem het Dok en sy bruid se kalklig gedeel. Hy het sy "nuwe ounooi" saam met Dok tegemoetgestap en voor die kansel het hy by Dok se voete gelê. By die onthaal in die D.F. Malan-Gedenksentrum het hy ietwat hooghartig, met neus en stert in die lug, tussen die honderde gaste beweeg en hulle goed "uitgekyk".

Die flits van die kameras van koerant- en ander fotograwe het Bliksem nie in die minste gehinder nie.

Die room van Suid-Afrika se rugbylui het Dok se huweliksbevestiging bygewoon. Mnre Jannie le Roux, Alex Kellerman, Corrie Bornman, Jannie Engelbrecht en Johan Fechter, was maar 'n paar van die groot kanonne van Suid-Afrikaanse rugby wat daar was om die groot gebeurtenis saam met Dok te vier.

Prof. Bun Booyens, hoogleraar in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde aan die Universiteit en ook 'n bekende in rugbykringe – hy sal Dok se lewensverhaal voor die einde van die jaar in boekvorm gereed hê – het op baie pittige verteltrant die heildronk op die bruidspaar ingestel.

Hy het vertel dat Dok op 13 Junie 1931 met die amptelike opening van die Coetzenburgse rugbyvelde die eerste drie op die hoofveld gedruk het.

Soos 'n boer het die rugbyvelde van Coetzenburg Dok se eie werf geword en dit was gepas dat die onthaal van sy huwelik in die D.F. Malan-Gedenksentrum gehou word.

Oom Bun, soos die Maties hom ken, het mev Craven bedank dat sy nou die doktor sal versorg maar haar daaraan herinner dat sy hom slegs kan deel, want hy behoort ook aan Stellenbosch en aan rugby.

Dok was in 1929 eerstejaar aan die Universiteit van Stellenbosch en het in 1935 sy doktorsgraad in Volkekunde behaal.

Hy het aanvanklik planne gehad om predikant te word en het reeds toelating tot die Kweekskool gehad. 'n Skop wat hy teen die keel op Murrayfield in 'n toetswedstryd in 1932 teen Skotland gekry het, het verhoed dat hy die kansel betree het.

Die besering het sy stembande aangetas en hy is afgeraai om predikant te word. Hy het toe sy studies in Volkekunde voortgesit.

In sy studentejare op Stellenbosch was Dok primarius van die koshuis Wilgenhof waar hy nou nog inwonende hoof is. Hy was ook kaptein van die Maties se eerste rugbyspan en voorsitter van die Studenteraad.

Na hy sy doktorsgraad behaal het, het hy onderwyser geword by St. Andrew's College op Grahamstad. Terwyl hy daar was, is hy aangestel as Direkteur van Liggaamlike Opvoeding in die Suid-Afrikaanse Weermag en het net ná die rugbytoets teen die Leeus in 1937 oorsee vertrek om kursusse in liggaamlike opvoeding by militêre akademies in Duitsland, Tsjeggo-Slowakye, Swede en Engeland te volg.

Hy sou 'n kursus van drie jaar aan die Reichsakademie für Leibesubüngen in Berlyn meegemaak het maar die kursus is na ses maande ingekort. Daar is gewerk van 8 vm. tot 8 nm.

Dok het waargeneem hoe Duitsland vir oorlog gereed maak; Nazi-leiers soos Hitler, Hess en Himmler het hy self gesien en met Suid-Afrika se destydse ambassadeur in Duitsland, dr. F.S.N. Gie het hy gereeld gaan gesels.

Dok was een van drie manne wat die kursus aan die Britse Militêre Akademie op Aldershot met onderskeiding geslaag het. Toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek, was hy in 'n kerk op Farnborough. Die predikant het die diens onderbreek nadat 'n boodskap vir hom na die preekstoel gebring is. Sy woorde was: "We are at war with Germany."

Vier dae ná die oorlogverklaring deur Brittanje is prof. Craven se oudste dogter, Joan, gebore.

Later het hy, sy vrou en hulle babatjie per skip na Suid-Afrika



teruggekeer. Die reis het 26 dae geduur omdat hulle gedurig draaie moes gooi om Duitse duikbote af te skud. Die skip se een skroef is ook beskadig nadat dit teen 'n Duitse duikboot, wat vroeër buite aksie gestel is, gebots het. Dok is gevra om passasiers se aandag van die gevaar te probeer aflei deur sport aan boord vir hulle te reël.

Met sy aankoms in Suid-Afrika is hy na Voortrekkerhoogte waar hy met die rang van luitenant-kolonel tot 1946 bevel gevoer het oor die Liggaamlike Opvoedkunde-Brigade ("P.T. Brigade").

'n Jaar daarná het hy hoof van die departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch geword. Hy het toe 47 studente gehad. Net een kursus, dié vir die graad B.Ed.Ph., kon in daardie jare in die departement gevolg word.

In daaropvolgende jare is die departement deur hom opgebou en uitgebrei. Vandag is daar drie professore, meer as 400 studente en kan B.Sc.-, B.A.-, Honneurs-, Magister- en doktorsgrade in Liggaamlike Opvoedkunde verwerf word. Daarbenewens is daar ook nog verskeie diplomakursusse.

"Ons departement rus vandag op vyf pilare, te wete die Fisiologiese, Sielkundige, Biomeganiese, Sosiologiese en Opvoedkundige aspekte, en elke dosent kry een praktiese en een teoretiese vak. Ekself het natuurlik rugby gekies as praktiese vak," sê Dok.

Die ander sportsoorte waarin daar gespesialiseer word, is swem, krieket, atletiek, netbal, hokkie (dames) of enige ander waarvoor spesiale verlof verkry kan word.

Die persentasie deelnemers aan sport aan die Universiteit van Stellenbosch is die grootste aan enige universiteit in die wêreld en hieraan het sy departement geen geringe aandeel gehad nie.

Dok, wat sowat twee jaar gelede 'n tweede doktorsgraad (in Sielkunde) aan die Universiteit van Pretoria verwerf het, sê hy beskou sy nuwe pos as Direkteur van Sport "as 'n voortsetting van wat ek reeds gedoen het maar nou net op groter skaal."

Vir die Universiteit van Stellenbosch en die Maties is die man wat altyd met sy "stokperdjie", rugby, geassosieer word, ná sy aftrede dus nie verlore nie.

Ons geliefde Dok sal nog by ons wees as Direkteur van Sport.

Bo, oorkant: Mnr Rugby – en Stellenbosch se Direkteur van Sport.
Bo, links: Die briljante Springbok-skrumskakel van die dertigerjare.
Bo, middel: Danie Craven as jong Matiespeler, met Suid-Afrika se rugbytalent toé reeds onder sy wakende oog. Die jaar: 1933.
Bo, regs: 42 jaar later, en nog steeds op eie werf.
Onder: 'n Stralende bruidegom.

Deur:

Heloïse Davis

Jaroslav Houba en tennis op Stellenbosch

Heloïse Davis is sélf 'n Matie-tennisspeelster wat nog vóór haar universiteitsjare dit ver gebring het in die spel. Sy was nog op skool en maar veertien toe sy as Heloïse Burger die Vrystaate Ope-kampioen (vroue-enkelspel) geword het. Sy is toe reeds in vakansietye deur Jaroslav Houba afgerig. In 1967, toe sy in st. 9 was, het sy en Dawie Snyman, die huidige onderkaptein van die Springbokrugbyspan, die S.A. Junior titel in die gemengde dubbelspel gebuit. Voordat sy na Stellenbosch gekom het, het sy in 1969 as eerstejaar aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. ook die Wes-Transvaalse Ope-titel (vroue-enkelspel) ingepalm. Mnr Houba rig haar nog steeds af.

Net soos by enige ander universiteit in Suid-Afrika is tennis uiters gewild onder die Maties. Maar, tennis in Matieland verskil hemelsbreed van tennis in enige ander sentrum in die Republiek.

Die persoon wat hiervoor verantwoordelik is en wat die afgelope tien jaar sorg dat Stellenbosch die sterkste universiteitspan in Suid-Afrika en die beste klubspanne in die Westelike Provinsie het, is die 68-jarige afrigter, mnr Jaroslav Houba.

Mnr Houba is 'n meester van sy vak. Die feit dat hy 'n wêreldkampioen, by name Jaroslav Drobny en ander kampioene soos Andrew Pattison en Cliff Drysdale afgerig het, beklemtoon sy vaardigheid as afrigter. Maar dit is veral die ingebore talent wat hy het om met jongmense te werk en sy begrip vir die probleme waarmee 'n student te kampe het, wat tot sy persoonlike en die tennisklub se sukses bygedra het.

Die klub het reeds drie Springbokke opgelewer, 24 provinsiale en 18 Proteaspelers (S.A. Universiteite-span) asook verskeie W.P.-kampioene. Vir die afgelope sewe jaar kraai die universiteitspanne koning in die W.P.-liga en vir die afgelope elf jaar is Maties wenners of naaswenners in die Suid-Afrikaanse tussen-universitêre toernooi.

Die klub bestaan uit 30 mans en 24 vroue. Lidmaatskap word op meriete toegeken. Afgesien van klubspelers, speel daar sowat 200 mans en 100 vroue in die koshuisligas en om die getal sosiale spelers te skat, is 'n onbegonne taak. Mens moet maar net so in die namiddag teen vyfuur se koers 'n draai by die meer as 30 bane maak om te besef hoe gewild dié sportsoort in werklikheid is.

Mnr Houba skryf die sukses van tennis aan die Universiteit toe aan die feit dat daar soveel geleentheid vir oefen is. "Die bane is byderhand en daar is altyd maats – iets wat normaalweg 'n probleem in 'n dorp of stad is."

Elke besluit, elke span wat gekies word, is onderhewig aan mnr Houba se toestemming. Hy het die teuels stewig in sy hande. Dit is daar waar eerste na die rede vir die sukses van die Maties op die tennisbaan gesoek moet word.

As in ag geneem word dat universiteite in groter sentra soos Pretoria en Johannesburg, wat boonop nog beter weersomstandighede vir tennis geniet, telkens die onderspit teen die Maties delf, dan begin mens wonder of dit nie die afrigter se vermoë om sy spelers te begeester is, wat die verskil maak nie. Vanjaar is die Maties weer die gunstelinge om in alle afdelings van die tussen-universitêre toernooi, soos in die verlede, skoonskip te maak.

Oorkant, onder: Mnr Jaroslav Houba bespreek taktiek in 'n dubbelspelwedstryd met sy leerlinge, v.l.n.r.: Christine Marais, Rayno Seegers, Jill Payne, Marie-Louise Snyman en Nicky Kuschke. Christine is die klub se nommer een speelster en Seegers, 'n Springbok, die beste onder die mans.



Regs, bo: John van Breda is hier in 'n goeie posisie om 'n skephou ("half-volley") te slaan.

Regs, onder: By 'n vroeëre tenniskamp op Stellenbosch, v.l.n.r.: Dawie Snyman, vanjaar se onderkaptein van die Springbokrugbyspan, S.P. Roy, tans dr S.P. Roy, sportgeneesheer van die Oregon State University in die V.S.A., Cliff Drysedale, die beroemde tennisspeler, en J. Jooste.



Onder: Die room van die Universiteit se tennisspelers, v.l.n.r.: J.T. Houba, Justus Grebe, Christine Marais, Danie Vorster, Marianne van Greunen, Christo Volschenk, Alma du Toit, Christiaan Cilliers, Leon van der Merwe, Marike de Ridder, Johann Potgieter, Nicky Kuschke, Marie-Louise Snyman, John van Breda, Mayla Kruger, Jill Payne, Michael de Villiers, André van der Merwe en Rayno Seegers.

Onder die leiding van mnr Houba word gereelde tenniskampe gehou waarheen kinders van oor die hele Republiek, Suidwes-Afrika en Rhodesië getrek word. Op hierdie wyse ontvang 'n groot deel van die Universiteit se tennisspelers hulle afrigting op Stellenbosch nog lank voordat hulle hierheen kom. Meer as 2 500 jong spelers het reeds hulle afrigting in die Stellenbosse tenniskampe ontvang.

Benewens die tenniskampe is daar ook die tennisklinieke wat op Stellenbosch en dwarsdeur die land gehou word. Elke jaar word 20 tot 25 van hierdie eenweekse kampe gereël, met 'n totale bywoningstal van oor die seshonderd.

Erekleure is onlangs deur die Universiteit aan mnr Jaroslav Houba toegeken vir sy belangrike bydrae tot die bevordering van tennis. Op die foto, wat by die klubhuis op Coetzenburg geneem is, staan van links na regs prof. Wynand Mouton, die Vise-Rektor, wat die erekleure oorhandig het, mnr Houba en prof. Danie Craven, die Direkteur van Sport van die Universiteit.

MITFORD-BARBERTON SKENK SMUTS-BEELD

Die bekende Suid-Afrikaanse beeldhouer, Ivan Mitford-Barberton, het onlangs 'n gips-borsbeeld van wyle generaal J.C. Smuts aan die Universiteit geskenk. Dit is die oorspronklike model wat gebruik is vir die standbeeld van Smuts wat voor die Ou Hooggeregshof in Kaapstad staan.

Die Universiteit beoog om die borsbeeld in brons te laat giet. Dit sal uiteindelik staan in die beplande nuwe gebou vir biologiese wetenskappe, wat as die J.C. Smutsgebou vir Biologiese Wetenskappe bekend sal staan.

Op die foto, wat by die beeldhouer se huis in Kampsbaai geneem is, verskyn v.l.n.r.: mnr Mitford-Barberton, mev. Mitford-Barberton en mnr P.J. Lombard, Direkteur van Ontwikkeling van die Universiteit.

SES OUD-MATIES IN NUWE AKADEMIE-RAAD

Dr C. van der M. Brink, nuwe Voorsitter van die Akademie

Ses van die tien lede van die nuwe Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat in Junie vanjaar aangewys is, is Oud-Maties. Hulle is dr. C. van der M. Brink (Voorsitter), prof. G.G. Cillié, prof. F.C. Fensham, prof. J.J. Oberholster, prof. S.P. Olivier, en dr. S.M. Naudé.

Twee van hulle, proff. Cillié en Fensham, is verbonde aan die Universiteit. Prof. Cillié is hoogleraar in Wiskunde, en prof. Fensham hoogleraar in Semitiese Tale.

Die Hoofsekretaris van die Akademie, dr D.J.C. Geldenhuys, is ook 'n Oud-Matie.



Prof. G.G. Cillié

Prof. F.C. Fensham

Prof. J.J. Oberholster



Prof. S.P. Olivier

Dr. S.M. Naudé

VYF BEKENDE OUD-MATIES DEUR AKADEMIE VEREER

Prof. H.B. Thom (regs) ontvang die D.F. Malan-medalje vir Volksdiens van die destydse Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, prof. G. Beukes, tydens die bekroningsfunksie in die H.B. Thom-teater op Stellenbosch vroeër vanjaar.

Vyf bekende Oud-Maties het vanjaar Akademietoekennings ontvang. Hulle is prof. H.B. Thom, wat die D.F. Malan-medalje vir Volksdiens ontvang het, prof. A.P.G. Söhnge en dr O.R. van Eeden, wat beide die Havengaprys vir Geologie (1975) ontvang het, prof. B.C. Jansen, wat die Havengaprys vir Landbouwetenskappe (1975) ontvang het, en mnr G.O. Neser, wat vereer is met die Erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering.

Prof. H.B. Thom, wat van 1955 tot 1969 Rektor van die Universiteit van Stellenbosch was, het sy universiteitsopleiding aan die Universiteit van Stellenbosch, die Friedrich Wilhelms-Universiteit in Berlyn en die Sorbonne-Universiteit in Parys ontvang. Ná 'n skitterende studieloopbaan het hy in 1931 lektor in Geskiedenis, in 1935 senior lektor, en in 1937 professor aan die Universiteit van Stellenbosch geword.

Gedurende 'n lang en vrugbare loopbaan het hy hom onderskei op die gebied van volksdiens: as dosent en Rektor van die Universiteit, as skrywer op vakgebied, as feesredenaar, as lid van verskeie geleerde verenigings, kultuurliggame, rade en komitees, en as direkteur van verskeie trusts, fondse en ander instansies. Hy was onder meer tot onlangs voorsitter van die Nasionale Onderwysraad, en is in November 1974 benoem tot voorsitter van die Adviserende Universiteitskomitee. Hy is tans ook nog lid van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese, die Kommissie i.s. Televisie, die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister en die Nasionale Kultuurraad.

Ook prof. Thom se liefhebbery en ontspanning staan in die teken van kultuur en volksdiens. Dit behels onder meer fotografie, skilderye en meubels en die versameling van Africana. Hy het reeds omvattende skenkings van Africana ter waarde van etlike duisende rand aan die Universiteit van Stellenbosch gemaak. Een van sy oudhede, 'n groot Kaaps-Hollandse staanhorlosie in 1768/71 vervaardig deur Johann Michael Junck aan die Kaap, is tot antieke artikel geproklameer deur die Historiese Monumentekommissie.

Benewens die D.F. Malan-medalje, is prof. Thom reeds verskeie kere deur hoë liggame vereer. Sy ander erkennings en onderskeidings is: die Stalsprys van die S.A. Akademie (1952) vir sy werk: *Die Lewe van Gerrit Maritz*, die Erepenning van die S.A. Akademie vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur (1959), die Erepenning van die Ryksuniversiteit van Ghent (1967), die Erepenning van die S.A. Akademie vir die bevordering van die universiteitswese (1969), 'n eredoktorsgraad in die Opvoedkunde van die Universiteit van Stellenbosch (1969), die F.A.K. se Erepenning vir volksdiens (1970), die Erepenning en erelidmaatskap van die Voortrekkers (1971), die Erepenning van die Saamwerkunie van Natal (1972) en die D.F. Malan-erepenning van die Kaaplandse Nasionale Party (1974).

Hy het ook eretoekennings ontvang van die Universiteitskollege Wes-Kaapland, en eretoekennings in verband met sy aandeel aan die Voortrekkereeufees (1938), die inwyding van die Voortrekkermonument (1949) en die Uniefees (1960).

Prof. Thom is erepresident van die Stellenbosse Rapportryers, erelid van die S.A. Historiese Vereniging en van die Sielkunde-Instituut van die Republiek van Suid-Afrika.

Dr O.R. van Eeden, wat tans afgetree is en op Stilbaai woon, het in 1929 die graad B.Sc. en in 1941 die graad D.Sc., beide aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

Hy het sy loopbaan in die geologie in 1930 begin as veldgeoloog vir die Pretoria Prospecting Company in Rhodesië en Botswana. Hy het in 1934 geoloog by Geologiese Opname geword, en was ten tyde van sy aftrede direkteur daarvan. Hy het baie lank gedien in Geologiese Opname se terminologie-komitee, en was ook direkteur van Soekor.

Dr Van Eeden, wat dertien wetenskaplike publikasies die lig laat sien het, was die eerste persoon wat 'n doktorsgraad in Geologie aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het. Sy proefskrif het gehandel oor die geologie van die Sheba-rante en omstreke in die distrik Barberton.

Hy is in 1972 met die Draper-Gedenkmedalje deur die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika vereer.

Die Havengaprys vir Geologie is reeds sewe keer deur die Akademie toegeken – ses keer aan Oud-Maties. Benewens dr Van Eeden en prof. Söhnge, het die Oud-Maties prof. D.L. Scholtz (1949), dr L.D. Nel (1955), prof. W.P. de Kock (1969) en prof. John de Villiers (1972) die prys ontvang.



Prof. B.C. Jansen, wat in 1944 en 1960 onderskeidelik die grade B.V.Sc. en D.V.Sc. aan die Universiteit van Pretoria en in 1966 die graad D.Sc. aan die Universiteit van Potchefstroom verwerf het, het in 1971 ook die graad Ph.D. in Mediese Wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy het in 1958 senior lektor in Bakteriologie aan die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde op Onderstepoort geword, en daarna professor en hoof van die Instituut. As sulks was hy ook lid van die Raad van die Universiteit van Pretoria tot 1973.

Hy was o.m. onderdirekteur, daarna adjunk-direkteur en toe direkteur van die afdeling Veeartsenydienste van die Departement van Landboutegniese Dienste, waar hy ook die pos van direkteur van Landbounavorsing beklee het. In 1974 het hy hoofdirekteur van Veeteelt en Suiwel by die Departement geword.

Die Arnold Theiler-medalje is in 1944 aan hom toegeken. Prof. Jansen is die skrywer van 'n lang reeks publikasies van hoogstaande wetenskaplike gehalte.



Mnr G.O. Neser, wat 31 jaar in die onderwys gestaan het – hy was vir 28 jaar senior wetenskaponderwyser aan die Hoër Jongenskool Paarl – het in 1922 die graad M.Sc. en in 1925 die graad B.Ed., beide aan die Universiteit van Stellenbosch, verwerf.

Reeds sedert die vroeë dertigerjare was hy skrywer of medeskrywer van verskeie handboeke vir Algemene Wetenskap en Natuur- en Skeikunde. Dié handboeke is tot baie onlangs nog as standaardboeke vir skoolwetenskap beskou.

Mnr Neser het hom sedert die begin van sy loopbaan as wetenskaponderwyser beywer vir die stigting van vakverenigings vir Wiskunde- en Wetenskaponderwysers en vir die totstandkoming van eie vaktydskrifte. Onder sy leiding is die Vereniging van Kaaplandse Wetenskaponderwysers in 1951 gestig, en hy is as eerste president van die vereniging aangewys. Hy is tans nog erepresident van die vereniging. Deur sy toedoen het die vaktydskrif, Die Wetenskaponderwyser, in 1960 verskyn. Talle bydraes van hom verskyn daarin, asook in Die Unie, amptelike blad van die SAOU, en Spectrum, die eerste nasionale vaktydskrif van die Federasie van S.A. Verenigings van Wetenskaponderwysers. Bydraes van hom verskyn ook in buitelandse opvoedkundige en vaktydskrifte.

Mnr Neser het in verskeie komitees van die Kaapse Onderwysdepartement i.v.m. wetenskapsillabusse en -apparaat gedien.





Prof. A.P.G. Söhnge, hoof van die departement Geologie aan die Universiteit, is reeds voorheen vereer vir sy bydrae tot die Geologie. In 1969 is die Draper-Gedenkmedalje van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika aan hom toegeken.

Prof. Söhnge, wat reeds 'n groot getal belangrike wetenskaplike publikasies op sy kerfstok het, het in 1933 die graad B.Sc. en in 1934 die graad M.Sc., albei cum laude, aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. In 1938 is hy na die Verenigde State, waar hy aan die Harvard-Universiteit met behulp van die Unie-stipendium van die Universiteit van Stellenbosch en die Hennen Jennings-beurs nagraadse studie gedoen het. Hy het in 1944 die graad Ph.D. aan die Universiteit van Harvard verwerf met die proefskrif: *The Copper Ore Deposits of Messina.*

Voordat hy in 1968 professor in Geologie aan die Universiteit van Stellenbosch geword het, was hy eers geoloog en later senior geoloog by Geologiese Opname, hoofgeoloog by die O'Okiep-Kopermaatskappy en hoofgeoloog by Tsumeb-Korporasie.

Hy dien in verskeie navorsingskomitees, onder meer die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike Komitee vir die Internasionale Unie van Geologiese Wetenskappe en is ook verteenwoordiger vir Suid-Afrika in die Onderkomitee vir Voorkambriese Stratigrafie (IUGW). Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en verskeie geologiese en ander wetenskaplike verenigings.

Prof. Söhnge het studiereise in Noord-Amerika, Skandinawië, Duitsland en Oos-Afrika onderneem. In 1968 was hy besoekende professor aan die Technische Universität Berlin, met 'n lesingreeks oor Suid-Afrikaanse ertsafsettings.

BEKENDE RADIO- EN KOERANTMAN IN REDAKSIE VAN MATIELAND

Douglas Davis, 'n gewese koerant- en radioman, is onlangs in die afdeling Publisiteit van die departement Ontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch aangestel waar dit een van sy hooftake is om die redakteur van Matieland by te staan met die versorging van dié blad.

Mnr Davis het sy skoolopleiding op Villiers in die Noordoos-Vrystaat geniet. In 1962 was hy onder die eerste groep dienspligtiges wat in Bloemfontein vir nege maande militêre opleiding aangemeld het. Ná drie maande basiese opleiding, is hy gekies om 'n offisierskursus mee te maak en het in dieselfde jaar assistent-veldkornet geword. Op die oomblik is hy kaptein in die Regiment Louw Wepener – sy vader was kaptein in die Tweede Wêreldoorlog in Noord-Afrika.

Ná sy militêre opleiding het hy hom aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf waar hy die graad B.A. behaal het. In 1967 het hy diens aanvaar as lid van die Nuusdiens van die S.A.U.K. in Johannesburg. Later is hy na Durban met die totstandkoming van Radio Port Natal.

Afgesien daarvan dat mnr Davis gereeld gehoor is op nuusprogramme soos die Nuus om Nege/News at Nine en Deadline Thursday Night, het hy ook etlike jare lank nuus gelees oor die sender van Radio Port Natal en oor die streeksender van die Afrikaanse Diens in Durban.

Dit was by die S.A.U.K. in Durban waar hy sy vrou, Heloïse, 'n gewese Suid-Afrikaanse Junior en Vrystaatse tennis-kampioene, ontmoet het. Hulle is in 1972 in die Natalse hawestad getroud.

Kort ná sy troue is mnr Davis aangestel in die redaksie van die Pretoriase koerant, Oggendblad. Sy vrou is in die koerant se sportredaksie aangestel as tennisverslaggeefster.

As militêre korrespondent van Oggendblad het hy die operasionele gebiede in die noordoostelike distrikte van Rhodesië besoek om verslag te doen oor die terroristeoorlog. Hy was ook onder die eerste groep Suid-Afrikaanse joernaliste wat amptelik genooi is om die Caprivi te besoek.

Toe hy by die Universiteit van Stellenbosch aangestel is, was hy assistent-nuusredakteur in die redaksie van Oggendblad.

Mnr Davis is 'n gretige versamelaar van ou muntstukke. Die versameling Krugermuntstukke waaroor hy beskik, sal enige versamelaar laat watertand. Hy is ook 'n groot liefhebber van honde en die trotse eienaar van 'n opreggeteelde Staffordshire-boelterriër!

GEOLOGIEGEBOU VERNOEM NA KAMER VAN MYNWESE

Die Geologiegebou van die Universiteit is tydens 'n plegtigheid in Mei vanjaar vernoem na die Kamer van Mynwese. Dit sal voortaan as die Kamer van Mynwesegebou bekend staan.

Die vernoeming is gedoen uit erkenning vir die groot geldelike bystand wat die Universiteit reeds van die Kamer van Mynwese ontvang het. Sedert 1950 het die kamer met jaarlikse skenkings 'n totaal van R784 250 aan die Universiteit gegee – R714 000 deur sy Goudprodusentekomitee en R70 250 deur sy Steenkoolkomitee. Hiervan het R40 000 na die departement Geologie gegaan.

Mnr A.W.S. Schumann, die destydse President van die Kamer van Mynwese, was die gasspreker. 'n Goue munt wat geslaan is in 1966 ter viering van die 100-jarige bestaan van die Universiteit, is tydens die verrigtinge aan hom oorhandig.

Toe hy deur mnr Schumann die Kamer van Mynwese bedank het, het die Rektor, prof. J.N. de Villiers gesê dat dit vir die Universiteit noodsaaklik is om so 'n vriend te hê. Benewens die Staatsbydrae moet die Universiteit staatmaak op bydraes van sy vriende om die lopende koste en normale uitbreidings te kan bekostig.

Dit raak veral essensieel wanneer dit kom by duur navorsingsfasiliteite. 'n Universiteit doen nie slegs navorsing om sy bestaan te regverdig nie, maar ook in belang van die land.

"Dat so 'n magtige organisasie soos die Kamer van Mynwese dit besef en navorsing stimuleer is vir ons 'n riem onder die hart," het die Rektor gesê. "Die vernoeming van ons Geologiegebou na die Kamer van Mynwese is maar ons beskeie manier om ons dankbaarheid te toon."

Bo: Mnr A.W.S. Schumann, toe nog President van die Kamer van Mynwese (regs), ontvang die goue munt van die Universiteit van die Rektor, prof. J.N. de Villiers, tydens die verrigtinge.

Links: Afgeneem net nadat die nuwe naam van die Geologiegebou deur mnr A.W.S. Schumann onthul is, staan v.l.n.r.: dr J.S. Gericke, Vise-Kanselier van die Universiteit, mnr A.W.S. Schumann, mnr A.C. Langton van Anglo-Transvaal Korporasie en lid van die Uitvoerende Komitee van die Kamer van Mynwese, mnr P.A. von Wiellich van Johannesburg Consolidated Investment Corp. en lid van die Uitvoerende Komitee, mnr L.W.P. van den Bosch van Union Corporation en lid van die Uitvoerende Komitee, mnr D.B. Hoffe van Anglo American Corporation en lid van die Uitvoerende Komitee, en die Rektor, prof. J.N. de Villiers.

GEOLOGIESE VERENIGING HOU BELANGRIKE KONGRES

Verskeie internasionaal bekende wetenskaplikes, onder meer uit lande soos Australië, Duitsland, Frankryk, Engeland, Skotland, Kanada en Amerika, het onlangs op Stellenbosch belangrike referate oor die geologie gelewer.

Dit was by geleentheid van die 16de kongres van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika wat van 30 Junie tot 4 Julie geduur het. Altesame 130 afgevaardigdes uit 16 lande het die kongres bygewoon.

Die hooftema onder bespreking was verertsing in metamorfe gebiede, veral na aanleiding van die ontdekking van belangrike nuwe koper-, sink- en loodafsettings by Prieska (Copperton), Upington (Areachap), Gamsberg en Aggeneys (Pofadder) in Noordwes-Kaapland.

Die kongres is voorafgegaan deur 'n veldekskursie van 8 dae, sodat die afgevaardigdes die geleentheid kon kry om die interessante maar ook moeilik verstaanbare ertsafsettings te besigtig binne die raamwerk van formasies wat herhaaldelik deur vervorming en opsmelting beïnvloed is. Die reis het ook besoeke ingesluit aan die pegmatietgebied tussen Steinkopf en Vioolsdrif, waar beriel, bismut wolframertse en tantaliet voorkom, die diamantdraende spoelgruise by Buffelsbank, en die blou-asbesmyn by Koegas.

Die kongres is geopen deur mnr A.W.S. Schumann, toe nog President van die Kamer van Mynwese van Suid-Afrika.

Prof. J. Kalliokoski van die Tegnologiese Universiteit, Michigan, het die Thayer-Lindsley-gedenklesing as verteenwoordiger van die Society of Economic Geologists van die V.S.A. gelewer.

Sowat 70 referate is gelewer.

Verskeie mynmaatskappye het ruim finansiële steun aan die kongres verleen. Die wye belangstelling, veral uit die buiteland, in die kongres het getuig van die aansien wat deur Suid-Afrika se eksplorasie-potensiaal en mynbedryf verwerf is, en dui ook op die aktualiteit van navorsing op die metamorfe gesteentes waaruit die wetenskap nog baie te leer het.

Afgeneem by die openingsfunksie: dr Paul K. Sims, amptelike verteenwoordiger van die Society of Economic Geologists (V.S.A.), dr E.S.W. Simpson, direkteur van die Nasionale Instituut vir Oseanologie op Stellenbosch, aan wie die Draper-gedenkmedalje toegeken is vir uitnemende diens aan Suid-Afrikaanse geologie, prof. S. Maske van die Universiteit van die Witwatersrand, huidige president van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika, en prof. K. Kalliokoski, wat die Thayer-Lindsley-gedenklesing gelewer het.

Regs: Internasionaal bekende geoloë wat die kongres bygewoon het, was van links na regs, voor: prof. W.J. Verwoerd (Universiteit van Stellenbosch), dr P.K. Sims (V.S.A.), prof. E. Stumpfl (Oostenryk), prof. P. Ypma (Australië), en agter: proff. J. Touret (Frankryk), W.C. Kelly (V.S.A.), H.D.B. Wilson (Kanada), H. Wynne-Edwards (Kanada), J. Kalliokoski (V.S.A.), D.R. Bowes (Skotland), G.W. Bain (V.S.A.), H. Martin (Wes-Duitsland) en C. Meyer (V.S.A.).

Onder: Dié ses Oud-Maties was onder die groot aantal mense wat die 16de jaarkongres van die Geologiese Vereniging op Stellenbosch bygewoon het. Hulle is van links na regs: Mnr K.G. Seeger, Mnr C.J.P. Cilliers, Dr I.W. Halbich, mnr G.J. Smit, mnr P.G. Murray en mnr G.F. Wagener.

Op die hoofveld van Coetzenburg waar beroemde rugbyspelers soos Danie Craven, Piet "Spiere" du Toit, Avril en Abe Malan, Mannetjies Roux, Jannie Engelbrecht, Dawie de Villiers, Hannes Marais, Morné du Plessis en vele ander, hulle spore gelaat het, gaan waarskynlik nog net vanjaar gespeel word.

Die rugbyvelde van Coetzenburg is op 13 Junie 1931 amptelik in gebruik geneem. Op daardie dag het die Maties daar teen hulle ou tradisionele vyande, Villagers, kragte gemeet en is die eerste drie op die hoofveld gedruk deur Danie Craven.

Nou gaan die weë van rugby en atletiek op Coetzenburg skei – die hoofveld gaan aan atletiek afgestaan word.

'n Nuwe rugbystadion wat onder meer sitplek onderdak aan 5 000 toeskouers sal bied, gaan deur die Universiteit gebou word.

Planne vir 'n addisionele gebou vir die departement Liggaamlike Opvoedkunde, uitbreidings op Vergenoeg, die opknapping van die plaasopstal op Coetzenburg en die ontwikkeling van nuwe sportvelde, is ook bekend gemaak.

Die Universiteit het alles in sy vermoë gedoen om sorg te dra dat die natuurlike omgewing feitlik ongeskonde bly.

Rugbyowerhede van die Westelike Provinsie is nie tevrede daarmee dat Coetzenburg se hoofveld nie aan die vereistes voldoen vir eersteliga-wedstryde nie. (Die grootte van dié veld is geraak toe die nuwe atletiekbaan gebou is.)

Die Universiteit is gevolglik sowat 'n jaar gelede verplig om dringend te begin soek na 'n terrein vir die vestiging van 'n nuwe rugbyhoofkwartier.

Die nuwe veld en stadion – dit sal ook as Coetzenburg bekend staan – is geleë feitlik onmiddellik oos van die oue en net ver genoeg suid teen die rant van die berg waar dit die mooi uitsig van die bestaande rugbyveld en atletiekbaan die minste sal belemmer.

Die nuwe rugbyveld sal gedeeltelik uitgegrawe word sodat die opwalling vir die pawiljoene, en die hoogte van die hoofpawiljoengebou, nie die natuurlike omgewing van Coetzenburg onnodig skend nie.

Onderdak sal daar voorsiening gemaak word vir 5 000 sitplekke. Benewens geriewe vir kleedkamers, verversings en noodhulp, sal daar ook voorsiening gemaak word vir kantore vir rugbypersoneel en beeldradio-uitsendings.

Die Universiteit sal probeer om die nuwe speelveld reeds vir die volgende seisoen gereed te hê. Die hoofpawiljoen sal na verwagting aan die einde van 1976 voltooi wees.

Hoewel dit nie 'n ongewone verskynsel

COETZENBURG KRY

is dat die strate rondom 'n groot rugbystadion tydens 'n belangrike wedstryd vol geparkeer word nie, is die algemene publiek op Stellenbosch blykbaar baie gevoelig hieroor.

Die Universiteit word dus genoop om groot koste aan te gaan vir parkeergeriewe by die sportterrein en moes reeds 'n belangrike rugbyveld opoffer vir parkering toe die D.F. Malan-Gedenksentrum gebou is.

Nou sal nog voorsiening vir parkering verder oos op Coetzenburg gemaak word, wat beide die nuwe rugbyhoofkwartier en die studente-ontspanningsoord Vergenoeg sal bedien.

Die Universiteit begin ook eersdaags met die oprigting van toilet- en kleedkamergeriewe op Vergenoeg. Die terrein sal ook behoorlik skoongemaak en belig word en dit sal ook geskied sonder skending van die natuurlike omgewing.

Parkering sal nie op Vergenoeg self voorsien word nie, maar wel op die oostelike uiteinde van Coetzenburg waarvandaan studente met 'n behoorlike voetpad die fasiliteite op Coetzenburg kan bereik.

'n Nuwe gebou wat noodsaaklike addisionele klaskamers, gimnasia, kantore, laboratoria en twee klein binnenshuise swembaddens vir die departement Liggaamlike Opvoedkunde sal voorsien, word ook op die oomblik beplan.

Dit sal op die skuins grond onmiddellik aan die bergkant van die bestaande gebou van die departement opgerig word. Na verwagting sal daar teen die tweede helfte van aanstaande jaar met bouwerk begin kan word.

'n Aansienlike skenking wat die Universiteit van 'n lid van die gemeenskap van Stellenbosch ontvang het, sal binnekort aangewend word vir die ombouing van die plaasopstal op Coetzenburg.

Ombouing sal in die styl van die Viktoriaanse tydperk geskied en dit sluit onder meer die terugplasing van die veranda en algemene opknapping van die woonhuis in. Die woonhuis sal dien as hoofkwartier van die afdeling Sport en Ontspanning en ook as sportmuseum.

Die buitegebou sal herontwikkel word om groter ruimte te bied waar sportspanne onthaal kan word.

Op die oomblik word die vertrekke van die plaasopstal as sportkantore gebruik an by tye ook om sportmanne in te onthaal.

Die Universiteit is ook reeds besig met die ontwikkeling van 'n aantal nuwe sportvelde.

Elf netbalbane en agt hokkievelde vir dames, asook 'n aantal krieket-en-sokkervelde sal mettertyd beskikbaar gestel word.

Y NUWE GEDAANTE

Ons eerste Inter-varsity-liedjies

Deur: dr T.C. de Villiers

Onder: dr T.C. de Villiers as jong student.
Heel onder: dr de Villiers, soos hy vandag daar uitsien.

Tot op 1916 is daar tydens die wedstryde tussen die studente van Stellenbosch en Kaapstad net twee liedere gehoor. Die South African College (later die Universiteit van Kaapstad) het met trots sy lied aangehef:

The S.A.C. is the College for me,
The best is the country round;
Wherever we go, our record will show
Our equals have never been found.

Daarop het die Stellenbossers moedig geantwoord:

'Tis a fact you know they say
From the Cape to Delagoa Bay
Victorians are ever to be found.

Vir die orige het ons op die pawiljoen geskree totdat ons hees was – en die Sondag daarop skaars in die kerk kon sing!

Studente in Amerika het egter reeds hulle sangkompetisies op die pawiljoene gevoer tydens hulle wedstryde. Daarvan het my broer, wat daar gestudeer het, vertel. Dit het my aangegryp, en op 'n monstervergadering van studente het ek gewaag om voor te stel dat ons ook 'n kommissie aanstel om die sang te reël.

My voorstel was in Engels, omdat ons Afrikaners toe nog net Engels in ons monstervergaderings gebesig het.

Die vergadering het eenstemmig besluit dat ons ook sang by die wedstryde reël, en 'n sangkommissie is aangestel.

Ons probleem was hoe om spoedig woorde en musiek te kry vir so 'n groot opelugvergadering.

Toe ons kort voor die Intervarsity op Stellenbosch in Wilgenhof saamkom, verklaar een van die sangkommissielede, Piet Pienaar, dat hy woorde en 'n wysie vir twee verse gevind het. Musiek daarvoor het ons nie gehad nie, en terwyl hy met sy mooi basstem die lied sing, moes ek probeer om op die klavier die wysie te

Die ou rugbypawiljoen, met die Ou Hoofgebou in die agtergrond.

speel. Nadat hy dit vir die derde maal gesing het, kon ons dit saamsing en op die klavier begelei.

Die woorde van hierdie eerste Intervarsity-lied het gelui:

U.S. and U.C.T. have met in higher degrees;
As colleges they met before, but now as varsities.
Now as then, with ball and pen,
Our record is still the same:
Our future in store, like our past before,
Will ring with our varsity's fame!

Met vrees en bewing het ons die volgende middag voor die studentemassa opgetree. Ek moes die wysie speel terwyl die kommissie die lied sing. Die skare het dit entoesiasties ontvang. Ná 'n paar herhalings kon die vergadering die nuwe lied uit volle bors aanhef.

Dit was 'n groot gebeurtenis toe ons met 'n klavier op die pawiljoen ons nuwe lied uitjubel.

By die daaropvolgende Intervarsity op Nuweland, het die Kapenaars ook met 'n lied en 'n klavier tevoorskyn gekom. Van toe af het die sangkompetisie ieder keer meer uitgebrei.

Ons is aangesê om nuwe liedere by elke Intervarsity te sing. Die studente het met wonderlike wysies na die kommissie gekom. Daar was baie Bantoewysies. Omdat geskrewe musiek ontbreek het, moes hulle dit vir ons sing terwyl ek moes trag om note daarvoor op die klavier te vind.

Die eerste liedjies was maar eenvoudig, en almal in Engels. Onder die eerstes was daar die volgende:

Have you ever seen the Ikeys, the Ikeys in distress,
When the lads from U.S. come?
They get the blues, for fear they'll lose,
When the lads from U.S. come.



Dan was daar ook die eienaardige liedjie:

Hear the good old whistle blowing,
That's music to me.
Sing about our men again victorious,
That good old melody!
But the sound of the Ikeys, a-sizzling in the pan,
Sjoe! Sjoe! Sjoe! –
That's music to me!

Eers later het ons begin met Afrikaanse liedere. Onder die eerstes was:

Ikeys, ons kry julle jammer, jammer, jammer;
Hard wil ons julle nie hamer, hamer, hamer;
Ons wil nie hê nie, dat julle bly lê nie –
Ikeys, ons kry julle jammer.

'n Tipiese studenteliedjie wat gevolg het, was:

Drink maar nog 'n sopie, lekker, lekker sopie
Van ons soet tamatiestropie:
Jy ken mos sy smakie goed,
Of hoe sê ek Ikey-boet –
Hy versterk en gee weer moed,
Om die knoppie wat jul hier vandag sal kry,
Om die knoppie te probeer vermy!

Die dames alleen moes die "tamatiestropie" uitsing.

Soms het die name van vooraanstaande spelers in die liedere verskyn, soos in die volgende een waarin die name van drie latere Springbokke (Sas de Kock – 1921, 1924, Nic du Plessis – 1921, 1924, en P.K. Albertyn – 1924) voorkom:

As die Maties begin om te speel,
Rieketie, Sama, Kaboe!
Maak hulle nie kwaad, hulle verdra nie veel –
Rieketie, Sama, Kaboe!
Pasop vir ou Kokkie, en paai vir ou Nic,
Want sê hy eers Sa! dan los Pierrie die briek,
En dan loop hul storm met krygsmans taktiek,
Pasop, Kapenaars, pasop!

Hierdie liedjies het gekom en gegaan en is deur ander opgevolg. Ook het baie beter begeleiers my opgevolg, soos Jurgen Smith, en selfs 'n dame, Anna Hanekom.

Ander universiteite in ons land het ons voorbeeld gevolg, en Intervarsity-sang het 'n belangrike plek verkry in die vrolike lewe van tienduisende studente!

Stellenbosch kry tien nuwe professore

Tien nuwe professore is vanjaar by die Universiteit van Stellenbosch aangestel.

Hulle is proff. W.P. Dreyer (Mondgeneeskunde en Periodonsie), W.J Engelbrecht (Fisiese Chemie), M.A. Loos (Mikrobiologie en Virologie), D.A. Naudé (Herstellende Tandheelkunde), L.J. Kabat (Italiaans), R. Reinecke (Meganiese Ingenieurswese), N.J. Smith (Sendingwetenskap), C.J. Thomas (Tandheelkundige Prostetiek), B.G.J. van Rensburg (Mondbiologie) en S.T. Zietsman (Ortodonsie).

Prof. W.J. Engelbrecht, 37, het die grade B.Sc. cum laude, Honneurs- B.Sc., M.Sc. cum laude en D.Sc. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy het in 1964 lektor in Fisiese Chemie geword en ses jaar later is hy as senior lektor aangestel. Sy doktorsgraad het hy in 1969 verwerf. Prof. Engelbrecht het die plek ingeneem van prof. Mike de Vries wat in Januarie vanjaar dekaan van die fakulteit van Natuurwetenskappe geword het.

Prof. M.A. Loos, 37, het die grade B.Sc. en M.Sc., albei cum laude, op Stellenbosch verwerf. Sy doktorsgraad het hy in 1966 aan 'n Amerikaanse universiteit verwerf. Hy is sedert 1960 'n Suid-Afrikaanse burger en was ook 'n kort rukkie aan die Universiteit van Natal verbonde. Prof. Loos is aangestel in die plek van prof. Hennie Louw wat sedert die begin van die jaar dekaan van die fakulteit van Landbou is.

Die jongste aanstelling van 'n Oud-Matie as professor, is dié van dr. R. Reinecke, 40, wat op 1 Julie professor in Meganiese Ingenieurswese geword het. Hy het die grade B.Sc., B.Ing. in 1956 op Stellenbosch verwerf, die graad M.B.A. in 1961 aan die Universiteit van Pretoria en in 1971 die doktorsgraad in Bestuursadministrasie aan die Universiteit van Stellenbosch. Voordat hy in 1969 aangestel is as senior lektor by die Universiteit was hy onder meer senior assistent-ingenieur by Yskor en persoonlike raadgewer tot die Besturende Direkteur (op algemene bestuursvlak) by S.A. Board Mills.

Drie Oud-Maties wat vanjaar as professore aangestel is, is W.J. Engelbrecht (bo) (Fisiese Chemie), M.A. Loos (middel) (Mikrobiologie en Virologie) en R. Reinecke (onder) (Meganiese Ingenieurswese).

Proff. Dreyer, Thomas, Van Rensburg en Zietman het hulle kwalifikasies aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal – prof. Zietsman het sy meestersgraad aan die Universiteit van Pretoria behaal.

Proff. Naudé en Smith het albei aan die Universiteit van Pretoria gestudeer. Laasgenoemde is reeds sedert 1 Junie 1966 senior lektor in die fakulteit Teologie op Stellenbosch.

Prof. Kabat is van 1 Oktober vanjaar aangestel as professor in Italiaans en het sy kwalifikasies aan oorsese universiteite behaal. Sedert 1971 is hy medeprofessor in Italiaans aan die Universiteit van Massachusetts in Boston.

Geografie-toergroep gul ontvang deur Oud-Maties

Die departement Geografie het gedurende die eerste twee weke van die afgelope Junievakansie sy jaarlikse navorsingswerkkamp vir studente in die Namibwoestyn gehou.

Weens die lang afstand na hulle eindbestemming, moes die groep oornag op Springbok, waar hulle soos konings deur die plaaslike Oud-Maties ontvang en getrakteer is.

Oud-Matie André Herbst het in dié verband reeds 'n instelling op Springbok geword. Met hom as voorspraak het nie alleen die stadsvaders van Springbok lokale op hulle landboutentoonstellingsterrein tot die beskikking van die groep Maties en hulle dosente gestel nie, maar is ook die masjinerie van die Oud-Matieskakelkomitee in werking gestel om die oorbly op Springbok vir die Stellenbosse groep so aangenaam as moontlik te maak.

Toe die groep lank ná sononder met leë mae op Springbok aanland, het een van die grootste verrassings van die toer op hulle gewag. Pleks van 'n leë, donker tentoonstellingsaal, het 'n vrolike vuur en 'n nog vroliker groep Oud-Maties hulle ingewag op die mooi Namakwalandse dorp, waar hulle tot laatnag getrakteer is op braaivleis en ander verversings.

Vir Andries Schreuder, voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee op Springbok, was dit ook sommer 'n ideale geleentheid om die manne bymekaar te kry om weer die vars Matiegees te adem – en om tegelykertyd die Intervarsity-sege van die Maties oor die Tukkies te vier!

Só lekker het die groep op Springbok gekuier, dat toe een van die busse die volgende oggend steeks raak, die Maties dit as 'n welkome kans aangegryp het om die dorp verder te besigtig. Danksy die ywer van Hennie Lochner, 'n Oud-Matie verbonde aan 'n plaaslike vervoer- en motorhawe-onderneming, is die bus weer spoedig reisvaardig gekry en kon die groep hulle reis voortsit.

Op die plaas Nomtsas naby Maltahöhe in Suidwes, het Oud-Matie Heino Voigts en sy ouers, mnr en mev. Otto Voigts, vanjaar weer gesorg vir 'n oornagplek en verversings. Daar het die gesellige kameeldoringkampvuur onder die helder sterre van Suidwes bygedra tot 'n hegte groepsgees onder die studente, en die volgende oggend se wakkerword was 'n besondere ervaring toe die eerste sonstrale oor die Naukluftberge die Blässkranz verlig het.



BERG- EN TOERKLUB GAAN REÜNIE HOU

Die B.T.K.-bestuur het begin met reëlings vir 'n vyftigjarige bestaansreünie in 1978. Omdat dit so moeilik is om adresse van oud-B.T.Kaners in die hande te kry, wil ons graag langs hierdie weg 'n beroep doen op alle oud-B.T.Kaners om hul adresse so gou moontlik na ons te stuur, sodat korrespondensie t.o.v. hierdie reünie na u gestuur kan word.

Die huidige B.T.K. wil baie graag weer kontak opbou met al sy oud-lede om hulle op hoogte te hou van die aktiwiteite van die klub en ook van reëlings in verband met die reünie van 1978.

Vir hierdie doel begin die B.T.K. vanjaar 'n nuusblaadjie wat nuus bevat vir huidige sowel as oud-lede. Deur in te skryf op hierdie nuusblaadjie maak u ook indirek 'n bydrae tot ons berghutfonds, u word op hoogte gehou van die vordering by die berghut en ook sal u nuuswaardighede van elke toer en daguitstappie daarin ontvang. Ons sal ook baie graag beriggies van oud-lede daarin wil plaas.

Alle belangstellendes word vriendelik versoek om so gou moontlik hulle name en adresse te stuur aan:

Die B.T.K.
Posbus 3030
Stellenbosch 7600

SBW-STIGTING 'n BELANG-RIKE MYLPAAL

Afgeneem voor die Nederburg-opstal in Paarl net ná die bekendmaking van die Stigting: mnr P.W.G. Rossouw, die Personeeldirekteur van Stellenbosch-Boerewynmakery (links), die Rektor, prof. J.N. de Villiers, mnr. L.A.O. Barth, die Besturende Direkteur van die Stellenbosch-Wyntrust, en prof. H. Muller van die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit.

'n Stigting van byna 'n kwartmiljoen rand om bestuursopleiding en -ontwikkeling op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing te stimuleer, is onlangs deur die Universiteit van Stellenbosch en die Stellenbosch-Boerewynmakery aangekondig.

Die stigting is moontlik gemaak deur 'n skenking van die Stellenbosch-Boerewynmakery aan die Universiteit, en heet die SBW-Stigting. Die maatskappy dra alle kostes verbonde aan die stigting.

Basies maak die stigting voorsiening vir twee programme. Die een is 'n opleidings- en ontwikkelingsprogram vir dosente in die bestuurs- en ekonomiese vakrigtings aan Suid-Afrikaanse universiteite, en die ander is 'n program vir die stimulering van ondernemingsgees onder alle rassegroepe in die Suid-Afrikaanse sakewêreld.

Prof. H.P. Muller van die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit is as Programdirekteur aangestel. Albei programme sal onder sy leiding met behulp van personeel van die Bestuurskool, van ander Suid-Afrikaanse universiteite en selfs van dosente uit die buiteland aangebied word.

Die stigting is 'n regstreekse uitvloeisel van die Stellenbosch-Boerewynmakery se steun aan die Bestuurskool die afgelope ses jaar en van sy eie program om dosente van oorsee na drie nie-blanke universiteite in Suid-Afrika te bring. Daar is gevoel dat die tyd nou ryp is om die verskillende programme te konsolideer, uit te brei en op 'n permanente grondslag te plaas sodat die maksimum-voordeel daaruit gehaal kan word.

Weens die noue verbintenis tussen die maatskappy en die Nagraadse Bestuurskool is besluit om die program administratief aan die Bestuurskool te koppel. Vir dié doel word onder meer 'n nuwe leerstoel aan die Bestuurskool ingestel.

'n Verdere aanleiding tot die instelling van die stigting is die geloof van die Stellenbosch-Boerewynmakery dat opleiding en ontwikkeling die antwoord verskaf op baie van die probleme wat tans in Suid-Afrika ondervind word. Om hierdie rede word die net van die stigting landwyd gegooi om alle lae van die samelewing te betrek.

Groot belangstelling in die dosente-ontwikkelingsprogram heers onder die ander universiteite in die Republiek, blank sowel as nie-blank, en aanbiedings van samewerking is reeds van die meeste van hulle ontvang. Dit sal die eerste program van hierdie aard en omvang wees wat in die Republiek aangebied word. Onder meer maak dit voorsiening vir die ontwikkeling van gespesialiseerde programme, die aanmoediging van toegepaste navorsingsprogramme en samewerking met ander plaaslike en veral oorsese programme.

Die dosente-ontwikkelingsprogram is uniek in dié sin dat daar nog net een soortgelyke program in die wêreld bestaan, nl. die International Teachers Programme van die Harvard Business School in die Verenigde State. Sedert sy stigting in 1961 het hierdie program só uitgebrei dat daar besluit is om dit na Europa te verskuif en met die samewerking van vyf Europese universiteite aan te bied. Die Suid-Afrikaanse program sal so nou moontlik met die Harvard/Europa-program saamwerk en selfs poog om dosente uit te ruil.

Aanbiedinge om saam te werk is ook reeds ontvang van ander universiteite in die VSA en Europa.

Die eerste plaaslike program is vir die eerste week in September beplan. Alle universiteite en kolleges, blank en nie-blank, waar kursusse in hierdie vakrigtings aangebied word, is genooi om deel te neem. Die Universiteite van Suid-Afrika, die Witwatersrand, Kaapstad en Stellenbosch het reeds aangebied om die verantwoordelikheid vir sekere gedeeltes van die program te aanvaar.

Die program sal elke tweede jaar by 'n ander universiteit aangebied word. In 1976 kom Unisa se Skool vir Bedryfsleiding aan die beurt.

Meer omvattend selfs as die dosente-ontwikkelingsprogram is die program vir entrepeneurskap en nuwe ondernemingsbestuur. Hierdie program het onder meer ten doel die stimulering van ondernemingsgees onder alle rassegroepe en die stigting van nuwe, doeltreffende ondernemings. Verder beoog dit die aanbieding van opleidingsprogramme om aan die bestuur of eienaars van bestaande en nuwe ondernemings die nodige vaardighede te verskaf om hul ondernemings doeltreffend te kan bestuur. Hierdie program is veral op die klein sakeman gemik.

Weer eens beoog die Bestuurskool om in die aanbieding van hierdie program ten nouste saam te werk met ander instansies en universiteite, plaaslik sowel as oorsee, wat soortgelyke programme aanbied. Alle bevolkingsgroepe sal daarby betrek word. Die entrepeneurskapprogram sal aanvanklik op Wes-Kaapland konsentreer en dan geleidelik na die res van die land uitgebrei word.

SAKE - SEMINAAR IN DURBAN

Die weeklange seminaar oor Verandering-oriëntasie en Beplanning van die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch wat teen die einde van Mei in Durban gehou is, is bygewoon deur senior verteenwoordigers – blank, swart en Indiërs – van groot en klein sakeondernemings.

Daar was ook verteenwoordigers van sakeondernemings in die Tuislande.

Die aanwesiges is onder meer toegespreek deur sakemanne van die verskillende bevolkingsgroepe en top-staatsamptenare.

Die nasionale en internasionale saketerrein insluitende maatskappy-probleme soos inflasierekeningkunde, die opleiding van werknemers, begroting en begrotingsbeheer is openhartig en deurdringend bespreek.

Die aanwesiges het wat die ekonomie van Suid-Afrika betref, tot die gevolgtrekking gekom dat die beoogde samestelling en funksionering van ons stelsel van vrye kapitalistiese onderneming duideliker bepaal en gedefinieer moet word. Sonder duidelike doelwitte en doelstellings in dié opsig, sal Suid-Afrika steeds voortbeweeg in die rigting van ekonomiese sosialisme.

Die algemene mening was dat top-sakemanne en senior staatsamptenare nou moet saamwerk wat die beplannings-, koördinerings- en rigtinggewende funksies van die Staat betref.

Desentralisasie in die algemeen en Tuislandontwikkeling in die besonder, is gebiede waar die Staat bv. 'n meer rigtinggewende funksie sal moet vervul – dit moet natuurlik geskied sonder inmenging op die gebied van vrye onderneming.

Wat die opbou van 'n swart entrepeneursmiddelklas en die opleiding van swart werknemers betref, is daar saamgestem dat die private sektor te geneig is om dit as eksklusief die verantwoordelikheid van die Regering te beskou. Dit is verkeerd. Daar is gevoel dat swartmense, veral dié in die Tuislande, geleenthede gegun moet word om tegniese, administratiewe en bestuursopleiding in blanke en Indiër-ondernemings te ontvang.

Tydens die seminaar is daar telkens nadruk opgelê dat die doelwit van alle hulp aan die swartman moet wees om hom te help om homself te help. Die tyd is ryp vir die swartman om inisiatief aan die dag te lê om sy eie ekonomiese omstandighede te verbeter aangesien tradisionele, wetlike en ander hindernisse in die pad van swart ekonomiese vooruitgang in Suid-Afrika in toenemende mate verwyder word.

Daar is ook genoem dat 'n mate van aarseling aan die kant van beleggers bestaan (plaaslik sowel as oorsee) om in die Tuislande te belê omdat daar nog eintlik geen oorweldigende bewys is dat 'n voldoende aantal swartmense bestaan wat in staat is om die vaardighede en dryfkrag te voorsien wat 'n voorwaarde vir ekonomiese sukses is. Dit berus by die swartmense self om dié bewys te lewer aangesien die geleenthede nou bestaan.

Daarby is dit dringend noodsaaklik vir hulle om voort te gaan om deur woord en daad te toon dat hulle beskik oor die rypheid, wysheid en selfbeheersing wat so tragies ontbreek in talle Afrikastate waar onafhanklikheid bloot net bloedvergieting, wetloosheid, armoede en korrupsie beteken het.

Geen belegger sal vrywillig belê as hy verwag dat sy eiendom genasionaliseer gaan word of geen winste sal afwerp, as gevolg van wanadministrasie, korrupsie of geweldpleging nie.

Monica sal Jubileum feestelik vier

Monica, op een na die oudste dameskoshuis van die Universiteit van Stellenbosch, gaan die naweek van 14 tot 16 Mei 1976 sy vyftigste bestaansjaar vier. Die feesreëlingskomitee is reeds saamgestel, met mev. S. Botha, 'n oud-primaria, as voorsitster.

'n Omvattende feesprogram word vir die naweek gereël, en sal onthale, uitstappies, besigtigingstoere, 'n huisvergadering, huiskerk, filmvertonings, ens. insluit.

Naas Harmonie is Monica die oudste dameskoshuis. Dit is in 1926 teen 'n bedrag van £4 919 voltooi en het aanvanklik as Harmonie nr 2 bekend gestaan. By die inwyding daarvan op 14 Mei 1926 was byna die hele Kabinet, insluitende die Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog, teenwoordig, met die oog op nadere kennismaking met die Universiteit en sy personeel. By die geleentheid het genl. Hertzog sy nou historiese toespraak: "Ryksverhoudinge en die komende Imperiale Konferensie" gelewer.

Ook die studentegemeenskap het hom nie onbetuig gelaat oor hierdie koshuis wat langs "die ou bekende Harmonie pronk en wat in 'n groot behoefte voorsien" nie. Die Stellenbosse Student (hoofredakteur: P.A. Weber, en assistent-redakteur: H.B. Thom) lewer in sy editoriaal van Maart 1926 'n pleidooi vir meer koshuise vir mans, "want die student wat privaat loseer, is maar 'n halwe student: hy geniet nie die egte Stellenbosse koshuislewe nie en dit is moeilik vir hom om te voel dat hy 'n integrale deel van die Universiteit uitmaak terwyl hy die intieme omgang met baie van sy medestudente ontbeer."

In die openbare lewe is daar vandag baie bekende vroue wat inwoners van Monica was, onder andere mevv. Tinie Vorster, Maria Thom, Bettie Gericke en Audrey de Villiers (Audrey Blignaut).

Op Stellenbosch heers groot geesdrif vir hierdie besondere reünie, en daar word nou reeds 'n beroep op alle oud-Monicaners gedoen om van hulle te laat hoor. Met die oog op 'n moontlike feesbrosjure word oud-Monicaners gevra om interessante staaltjies en foto's in te stuur. Enige ander aandenkings vir die argief is welkom. Adresse en ander inligting kan gestuur word aan die Sekretaresse, Reëlingskomitee vir die Jubileumfees, Monica, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600. •

NUUSBROKKIES

D.F. Malan-Gedenkpenning na Phil Weber

'n D.F. Malan-Gedenkpenning is in Mei aan dr P.A. Weber, Raadslid van die Universiteit van Stellenbosch, oorhandig.

Die penning is aan dr Weber oorhandig deur die Kaaplandse leier van die Nasionale Party, mnr P.W. Botha op 'n gesamentlike konferensie van Nasionale Parlementslede en Provinsiale Raadslede van Kaapland en hoofraadslede van die Nasionale Party.

Die minister het gesê die penning is 'n huldeblyk aan dr Weber as persoon en ook vir wat hy as voorsitter van Nasionale Pers verrig het om goeie betrekkinge tussen die party en die pers daar te stel en te handhaaf.

Die penning moet ook beskou word as simbool van waardering van die party in Kaapland teenoor Nasionale Pers.

Dr Weber het in sy bedankingswoord gesê die Nasionale Party en die pers het merkwaardig baie tot stand gebring en geskiedenis is gemaak en geskryf.

"Daar is stille vreugde by my dat die samewerking tussen pers en party vandag so goed is as wat dit ooit die afgelope 60 jaar was," het dr. Weber gesê.

Daimler-Benz se baas besoek Stellenbosch

Die voorsitter van die Bestuursraad van Daimler-Benz in Wes-Duitsland, professor Joachim Zahn, het die Universiteit vroeër vanjaar besoek en 'n openbare voorlesing gehou.

Die saal in die Wilcocksgebou was stampvol – van die mense het selfs in die paadjies gesit – toe die grootbaas van Mercedes aan die woord gestel is.

Onder die hoogwaardigheidsbekleërs was die bekende nyweraar dr Anton Rupert, die Vise-Kanselier, dr Kosie Gericke en die Rektor, prof. Jannie de Villiers.

Prof. Zahn is 'n persoonlike kennis van dr Rupert en hy besoek Suid-Afrika taamlik gereeld. Sy seun werk op die oomblik by Rupert Internasionaal op Stellenbosch.

Prof. Zahn het in 1958 lid van Daimler-Benz se Bestuursraad geword en is dertien jaar daarna aangestel as voorsitter. Benewens dié pos het hy sitting op die beheerrade van Daimler-Benz en verwante maatskappye in verskeie ander lande, insluitende Suid-Afrika.

HELMUT MEYER SPAN UIT



'n Man wat beskou word as een van die baanbreker Afrikaanse tuinboukundiges en 45 jaar lank by die Botaniese Tuin van die Universiteit van Stellenbosch werksaam was, het aan die einde van April vanjaar afgetree. Hy is mnr Helmut Meyer, een van die eerste mense in Suid-Afrika wat die rooi disa met welslae gekweek het. Die rooi disa is vandag Kaapland se embleem nadat daar met die aanstelling van dr Nico Malan as Administrateur deur die Provinsiale Raad so besluit is.

Mnr Meyer het sy opleiding as tuinboukundige in Duitsland gehad en het in 1940 begin met die kweek van disas in die Botaniese Tuin van die Universiteit.

Deur die jare het hy 'n kweekmetode ontwikkel wat volgens hom heel eenvoudig is. Hy verbeter steeds daarop maar die geheim daaraan verbonde het hy nog nie bekend gemaak nie.

Sy belangstelling in plante het hy reeds in sy kinderjare in Namakwaland gekry waar sy vader sendeling was en hy as kind die meeste van sy tyd in die veld deurgebring het.

Dr L. Bolus, beroemde vetplantkundige na wie die herbarium by die Universiteit van Kaapstad heet, het twee vygies na mnr Meyer vernoem.

A.C. VEREER MET DOKTORSGRAAD

'n Eredoktorsgraad is op 23 Augustus vanjaar tydens 'n buitengewone eregradeplegtigheid deur die Universiteit van Port Elizabeth aan 'n afgetrede hoogleraar in Teoretiese Fisika aan die Universiteit van Stellenbosch toegeken. Hy is prof. A.C. Cilliers wat aan die einde van 1963 afgetree het.

Prof. Cilliers het die graad ontvang by die ingebruikneming van die geboue op die Somerstrandkampus. Die gradeplegtigheid was deel van die feestelike gedenking van die Universiteit van Port Elizabeth se tiende bestaansjaar.

Prof. Cilliers is vereer vanweë sy bydrae tot die uitbouing van die universiteitswese in Suid-Afrika.

VAN DER MERWE NOU HOOGLERAAR

Die Rektor van die Hugenote-Kollege op Wellington, dr J.D.C. van der Merwe, wat vroeër aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het, is deur die Universiteit van Suid-Afrika aangestel as hoogleraar in die departement Dogmatiek, Etiek en Praktiese Teologie.

Prof. van der Merwe het 'n doktorsgraad in Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

Sy aanstelling het op 1 Mei van krag geword en het gevolg kort nadat daar aangekondig is dat die Hugenote-Kollege amptelik by Unisa ingeskakel word.

Prof. van der Merwe het 1961 dosent aan die Hugenote-Kollege geword en sewe jaar later is hy as Rektor aangestel.

GERTENBACH LÊ TUIG NEER



Mnr C.W. van B. Gertenbach, een van ons staatmaker Oud-Maties, het die tuig neergelê. Mnr Gertenbach, wat vroeër jare die sekretaris van die ou Oud-Matiebond van Potchefstroom was, was met sy aftrede met pensioen vroeër vanjaar die hoofvakkundige beampte van die afdeling Bodembeskerming in die hoëveldstreek op Potchefstroom. Hy het ná etlike jare in die onderwys in 1946 by die Departement diens aanvaar as voorligtingsbeampte. Hy het in 1969 bodembeskermingsbeampte van die hoëveldstreek geword.

JOOL VAN WYK GAAN WYN BEOORDEEL IN AUSTRALIË

Prof. C.J. (Jool) van Wyk, hoof van die departement Wynkunde, is deur die Royal Agricultural Society van Wes-Australië genooi om as beoordelaar van skouwyne op te tree tydens die Internasionale Wynskou van 1975 in Perth, Australië. Hy vertrek op 4 September.

Die Internasionale Wynskou word aangebied saam met die 1975 Perth Royal Show. Op verlede jaar se wynskou is 1 636 wynmonsters beoordeel.

Prof. Van Wyk sal ná die beoordeling ook die Australiese Wynnavorsingsinstituut in Adelaide besoek.

Stellenbosch se fakulteit van Landbou het noue bande met die instituut. Dr Bryce Rankine, een van die instituut se top-manne, het sy doktorsgraad op Stellenbosch verwerf en sy naam is bekend in wynkringe in Suid-Afrika. Hy is ook die borg van 'n boekprys wat jaarliks aan studente in Wynkunde op Stellenbosch toegeken word. Die instituut se direkteur het ook reeds Stellenbosch besoek.





MVSA-ERELIDMAATSKAP AAN LAUBSCHER EN THERON

Erelidmaatskap van die Misstof-vereniging van Suid-Afrika is tydens die vereniging se jaarvergadering in Kaapstad in Mei vanjaar toegeken aan twee bekende dosente van die Universiteit. Hulle is prof. Eddie Laubscher, bo links, professor in Akkerbou en Weiding, en Adriaan Theron, professor in Grondkunde.

Hulle het albei hulle opleiding op Stellenbosch en in die V.S.A. ontvang.

MINISTERSVROU BESOEK HAAR OU DEPARTEMENT

'n Beroemde dosent en 'n ewe beroemde student het mekaar raakgeloop tydens die aflegging vroeër vanjaar van die plegtige verklaring van geheimhouding deur studente in die Maatskaplike Werk. Mev. S.E.A. Loots, eggenote van die Minister van Beplanning en die Omgewing en van Statistiek, mnr J.J. Loots, het in 1951 die graad M.A. in Maatskaplike Werk verwerf.

Haar promotor was prof. Erika Theron, wat enkele jare gelede afgetree het as hoof van die departement Maatskaplike Werk. Op die foto staan mev. Loots (links) en prof. Theron in gesellige luim. Minister Loots was die gasspreker by die geleentheid.

STELLENBOSSERS DOEN BAANBREKERSWERK IN OWAMBO



Baanbrekerswerk op die gebied van landbounavorsing word tans deur twee dosente van die fakulteit van Landbou in Owambo gedoen. Hulle is prof. F.J. van der Merwe, hoof van die departement Veekunde (regs), en dr J.G.V. Joubert, senior lektor in Akkerbou en Weidingsleer (heel regs), wat op versoek van die betrokke staatsdepartement ondersoek instel na die groei- en vleisproduksiepotensiaal van die inheemse beestipe asook die voedingswaarde en behoorlike benutting van die natuurlike weiveld in hierdie noordelike tuisland. Dit is in ooreenstemming met die Universiteit se verklaarde belofte om daadwerklike hulp te verleen met die ontwikkelingswerk in Owambo.

Oor die werklike produksiepotensiaal van die Owambobees (boonste foto) en die voedingswaarde van die weiveld in die vloedvlaktes (oshonas) is daar min bekend. Beide is essensiële hulpbronne in hierdie afgeleë land wat in die toekoms so sterk op sy landboupotensiaal sal moet leun.



U.S. KRY NUWE TELEDRUKKER PRESENT

'n Nuwe Siemens T100-teledrukker is onlangs deur die firma Siemens S.A. (Edms) Bpk aan die Universiteit geskenk vir gebruik in die departement Elektrotegniese Ingenieurswese. Die teledrukker sal in voor- en nagraadse laboratoriumkursusse vir opvoedingsdoeleindes, en navorsingswerk op die gebied van telekommunikasie gebruik word.

Op die foto staan mnr Colin Ferreira (links), 'n direkteur van die firma, by mnr Hendrik Kirsten, senior lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese, wat in bevel staan van opleidingskursusse in telekommunikasie.

LOUIS PIENAAR ONS NUWE AMBASSADEUR IN FRANKRYK

Mnr en mev. Pienaar

Een van ons belangrikste diplomatieke poste sal voortaan deur 'n Oud-Matie beklee word.

Hy is mnr Louis Pienaar, L.V. vir Bellville, wat aangestel is as Suid-Afrikaanse ambassadeur in Parys. Die vorige ambassadeur, mnr A.B.F. Burger, is elders heen verplaas.

Hierdie Oud-Matie het ingebore verbintenisse met Stellenbosch en die politiek.

Hy is op 23 Junie 1926 op Stellenbosch gebore en stam aan moederskant uit die ou Stiglingh-familie van Stellenbosch. Sy oupa Stiglingh was een van die stigterslede van die Nasionale Party in 1916, en was L.V. in die ou Kaapse parlement.

Nadat hy aan die Hoër Jongenskool op Wellington gematrikuleer het, het hy na die Universiteit van Stellenbosch gekom, waar hy in 1945 op 19-jarige ouderdom die graad B.A. verwerf het.

In sy studentejare was hy die kranige agsteman van die onder 19 C-span. Hy was in P.S.O. tuis. Prof. J.C. de Wet, by wie hy Regte gestudeer het, was ook sy rugby-afrigter.

Mnr Pienaar het hom daarná verder in die Regte bekwaam, en die graad LL.B. aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf.

Nadat hy op Brakpan en Vereeniging gewerk het, was hy 'n jaar assistent-stadsklerk op George. In 1952 het hy ingeskrewe prokureursklerk geword. Sedert 1954 is hy verbonde aan 'n prokureursmaatskappy in Bellville.

Mnr Pienaar het eers ná sy Stellenbosch-dae aktief in die politiek begin belangstel. Met die verkiesing van 1948 was hy verkiesingsagent van die Eerste Minister, dr B.J. Vorster, in Brakpan.

Hy het in 1966 L.P.R. vir Bellville geword, en het hom in die Volksraadsverkiesings van 1966 en 1970 in die kiesafdeling Simonstad verkiesbaar gestel.

Mnr Pienaar het aan Matieland gesê sy strewe as ambassadeur in Frankryk sal wees om groter kontak en beter begrip tussen die mense van dié land en Suid-Afrika te bewerkstellig. Met die noue bande wat daar reeds tussen Frankryk en Suid-Afrika bestaan, is dit ook belangrik dat daar groter uitruiling van kultuurgoedere sal wees.

Die verstewiging van kultuurbande tussen ons en die Franse lê hom na aan die hart. Hy dink byvoorbeeld aan die oor-en-weer-aanstelling van kultuurattachés, en die "uitruil" van kore tussen die twee lande. Hy sou baie graag Bantoe- en Maleierkore na Frankryk wil laat kom.

Een van sy grootste kultuurideale is egter om die Universiteitskoor van Stellenbosch in Frankryk te sien optree.

"In my ideaal om kultuurverbintenisse uit te bou, sal 'n besoek aan Frankryk deur die Universiteitskoor 'n hoogtepunt wees," sê mnr Pienaar. "Hierdie koor het onder die bekwame leiding van prof. Philip McLachlan ongetwyfeld een van die bestes – indien nie die beste nie – in die wêreld geword, en 'n besoek aan Frankryk en ook ander dele van die wêreld sal van onberekenbare waarde vir ons land wees."

Mev. Pienaar, wat deur haar man liefdevol "Ounooi" genoem word, is self 'n Oud-Matienooi. Vóór haar troue was sy Isabel Maud van Niekerk, en het in die vroeë vyftigerjare 'n diploma in Handel verwerf. Sy was in Harmonie tuis. Die egpaar het mekaar ná hul studentedae ontmoet, en het twee seuns en 'n dogter.

Die dogter, Isabel, wil aanstaande jaar na Stellenbosch kom om Arbeidsterapie te bestudeer, terwyl die oudste seun, Jacobus, wat tans opleiding in die Vloot ondergaan, hom in 1977 aan die Universiteit as student in die Regte wil inskryf. Die jongste spruit, Willie, is nog op skool, en bly in 'n koshuis agter wanneer sy ouers na Parys gaan.

Mnr Pienaar sê hy gaan na Frankryk met aangename herinnerings aan sy Alma Mater. Hy het ook nog familie op Stellenbosch. Prof. Jool van Wyk van die departement Wynkunde is getroud met 'n suster van mevrou Pienaar, terwyl mnr Pienaar se eie niggie, Rita, getroud is met mnr Nick de Klerk, senior ontwikkelingsbeampte van die Universiteit. •

RIKA SENNET - ONS EERSTE TV-NOOI

'n Oud-Matie het weer geskiedenis gemaak!

Rika Sennett, die aanvallige jong ster wat hoofrolle vertolk het in rolprente soos Snip en Rissiepit en Die Square het die eerste vrou in Suid-Afrika geword om 'n TV-program aan te bied.

Sy het in 1970, '71 en '72 op Stellenbosch in die departement Drama gestudeer.

Rika raak skoon opgewonde as sy gesels oor haar geskiedkundige beeldradio-uitsending.

Sy sê sy was baie senuweeagtig. "Ek sal dit natuurlik nooit vergeet nie; my maagseer is aangetas – ek het nooit eintlik daaraan gedink dat ek toe besig was om g -kiedenis te maak nie," het sy skertsend gesê.

Rika was in Mei vanjaar die eerste vrou in die Republiek wat as gasvrou of programleidster oor beeldradio opgetree het.

"Ek moes die rol van "gasvrou" speel – ek moes die uittreksels van die week bekend stel. Dit was nie eintlik 'n volle program wat ekself aangebied het nie, maar ek was kort-kort op die skerm deurdat ek na elke nommer wat vertoon is, 'n aankondiging moes doen," vertel sy.

Rika meen daar moet op die gebied van TV in Suid-Afrika nog baie geleer word. Sy sê sy troos haarself maar daaraan dat haar eerste uitsending 'n toetsuitsending was en nog nie eintlik die ware Jakob nie!

Sy doen op die oomblik vryskutwerk vir die radio en TV en het kort voor haar vakansie in Mei 'n TV-reeks van tien episodes bekend as Keertyd 11.30 vir die S.A.U.K. voltooi.

Toe sy met Matieland gesels het, het sy gekuier op 'n plaas in die distrik Hoopstad.

Die jongste Afrikaanse rolprent waarin Rika Sennett 'n hoofrol vertolk, is Oliekolonie. Die manlike hoofrol word vertolk deur Hans Strijdom. Hy was enkele dae voor Rika die eerste man wat in Suid-Afrika 'n TV-program behartig het.

Die kritici se reaksie op Rika se eerste beeldradio-optrede was oor die algemeen gunstig, maar sy sê sy verkies verhoogwerk bo radio-, beeldradio- en rolprentwerk.

"Op die verhoog weet mens ná elke aand se optrede hoe die mense daaroor voel. Dit is natuurlik nie die geval by die radio en TV nie en ook nie by rolprentwerk nie."

Rika het verlede jaar drie maande lank opgetree in die baie geslaagde revue, Adam's Spectacular. Sy sê sy het elke oomblik daarvan geniet.

In haar Matie-dae was Rika onder meer Karnavalkoningin – dit was in 1972.

RIA OLIVIER KRY DRIE BLARE-PRYS VIR BESTE REGIE

Ria Olivier, die eggenote van prof. Fred le Roux wat hoof is van die departement Drama op Stellenbosch, het die Drie Blare-toekenning vir die beste regie van 1974 ontvang.

Die toekenning is gemaak vir haar studente-aanbieding van Ses Personasies op soek na 'n Skrywer.

Hierdie ervare toneelmens het as verhoog- en radiospeelster en veral as regisseuse reeds diep spore in die Afrikaanse toneellewe getrap. Sy het in die dertigerjare haar buiging as toneelspeelster in die geselskap van Wena Naudé gemaak, en haar later by André Huguenet aangesluit. In dié tyd het sy vir sewe jaar lank die land as speelster deurreis.

Haar eerste opvoering as regisseuse was in die veertigerjare vir die Akademie van Dramakuns. Met haar opvoering in 1956 van D.J. Opperman se Periandros van Korinthe, met Fred le Roux in die hoofrol, het sy haarself as regisseuse gevestig. Daarná het sy Opperman se Vergelegen opgevoer. In beide gevalle was dit die eerste keer dat Opperman se werk op die planke gebring word.

Haar werk as regisseuse het sy op Stellenbosch voortgesit toe haar man 'n klompie jare gelede hoof geword het van die departement Drama op Stellenbosch. Sy was onlangs weer in die nuus met haar baie geslaagde opvoering van Adam Small se Kanna hy kô hystoe met die studente van die departement Drama.

OUD-MATIES SORG VIR TRIOMFTOER DEUR U.S. - KOOR

Die Universiteitskoor het in Junie vanjaar 'n uiters geslaagde konserttoer deur Noordwes-Kaapland, die Vrystaat en Transvaal onderneem.

Dit was 'n toer wat weens sy druk program besonder hoë eise aan die lede en hulle leier gestel het, maar soos dit maar jaar ná jaar die geval is, het vanjaar se toer weer alle vorige toere oortref.

Die kere dat die koor nie staande ovasies gekry het nie, was uitsonderings. In die pers is hy net die hoogste lof toegeswaai.

Vanjaar se toer was anders in dié sin dat die reëlings byna geheel en al in die hande van die Oud-Maties was. Weke, máánde voor die tyd het die Oud-Maties op die verskillende dorpe waar die Koor sou optree, hulleself begin mobiliseer om van die toer een van die groot hoogtepunte in die koor se 40-jarige bestaan te maak.

En hoe het ons Oud-Maties nie geskitter nie! Met hulle geesdrif en toewyding het hulle bewys dat hulle hart nog reg klop!

Byna oral was vol sale die reël, en op plekke was die sale reeds weke voor die tyd volbespreek.

Op Carnarvon het Hannes Burger en diegene wat hom bygestaan het daarvoor gesorg dat die koor reeds dáár met 'n hoogtepunt kon begin. Daarná was dit Upington, waar Philip de Villiers die silwerdoek en luidspreker ingespan het om die saal vol te kry, bygestaan deur die klomp ander Oud-Maties daar, soos Koos Marais (Hannes se broer), wat ná die uitvoering rondborstig verklaar het dat die koor se besoek 'n beter Oud-Matie van hom gemaak het!

By Kuruman, waar Wouter en Toeks Jordaan-hulle gesorg het



Só het die Oud-Maties oral in groot getalle by die uitvoerings opgedaag. Op die boonste foto kan 'n klompie gesien word waar hulle ná die uitvoering op Potchefstroom om prof. en mev. McLachlan saamdrom. Op die onderste foto staan die "Oud-Matiekoor" van Rustenburg gereed! Pieter Jacobs, wat aan die hoof was van die reëlings daar, staan links van prof. McLachlan.

vir 'n rekordopkoms, het die biltong-fase van die toer begin! Kuruman is gevolg deur 'n ewe geslaagde uitvoering in Vryburg, waar Dawid Viviers en sy span reusewerk verrig het. Hy is veral mooi bygestaan deur J.J. Scholtz van Coetzersdam. Dis op Vryburg dat die hele koor 'n knop in die keel gekry het oor die primêre skooltjie wat honderde kilometers per bus gery het om na hulle te kom luister.

In Welkom het die oud-P.S.O.-losskakel Willie Seidel met 'n flinke stukkie spel gemaak dat die groot en swierige Ernest Oppenheimer-teater byna uit sy nate gebars het – kompleet soos Coetzenburg op 'n Saterdagmiddag wanneer die Maties uitdraf – en op Ladybrand moes ds H. Taute net één keer sy stem dikmaak om die saal vol te kry!

Ladybrand is gevolg deur Ficksburg en Bethlehem, waar L.C. Wagener en S. de Jager onderskeidelik sáám met die koor die note laat rol het! Op Ficksburg het oud-koorlid Eunice de Villiers een van die onverbiddelikste rugbygangers in die Vrystaat omgepraat om sy twee toetskaartjies (vir die eerste toets tussen die Springbokke en die Franse in Bloemfontein) weg te gee om liewer na die koor te kom luister, en op Bethlehem het groot Henry Knobel se oud-Wilgenhoffer-vroutjie Christine (haar moeder was jare lank koshuismoeder van dié koshuis) en haar span helpers gewys dat die Oud-Maties net so goed kan koskook as wat die Maties kan sing.

Op Sasolburg het Dawid de Villiers en Hendrik Potgieter die koor op die deeglike Sasol-wyse ontvang (hulle is ook Oud-Maties!). 'n Onvergeetlike ervaring daar was toe die koor vroeg die oggend ná die uitvoering toegelaat is om in die half-voltooide Etienne Rousseau-teater vir die werksmense te sing, en dit byna was asof selfs die hope stene en steiers in eerbied staan en luister het.

Danksy Pieter de Villiers se kenmerkend deeglike beplanning in Potchefstroom, het die koor daar in 'n stampvol Konservatoriumsaal gesing. Selfs die paadjies en alle ander beskikbare ruimtes het volgesit van die konsertgangers.

Ná Potchefstroom was dit weer Rustenburg, waar Pieter Jacobs en die dorp se hele Oud-Matiebevolking alles in die stryd gewerp het om te sorg vir 'n skitter-uitvoering daar. So het sy vrou byvoorbeeld meer as 150 kaartjies sélf gaan verkoop!

In Springs, waar die reëlings in die hande van die Stadsraad was, het die groepie Oud-Maties dáár hulle ook deeglik laat geld.

Pretoria se Oud-Maties, met Riël Cillié (*Klein* Klein-Gawie) aan die spits, het gesorg vir 'n propvol Unisa-saal wéke voor die tyd. Die gehoor dáár het byna sonder uitsondering uit Oud-Maties bestaan. Dis in Pretoria, waar die koor op dieselfde dag as die tweede rugbytoets teen die Franse gesing het, dat iemand die noodoproep gemaak het: hy sal twee toetskaartjies verruil vir slegs een koorkaartjie!

Vanjaar se toer was in vele opsigte 'n triomftoer. Die samewerking van die Oud-Maties was 'n besieling, nie net vir die koor self nie, maar ook vir elkeen wat die belange van die Universiteit van Stellenbosch op die hart dra. Soos dit ook hoort, het die Oud-Maties oral gepraat van "ons koor".

Die besondere toewyding en opofferinge van elke koorlid en veral van hul leier, prof. Philip McLachlan, wat reeds vir twintig jaar die siel en wese van die koor is, is ryklik beloon met hulle skitterende welslae. Koerantopskrifte soos: "Stellenbosse koor 'n musikale belewenis" (Oggendblad) en "Choir weaves magic" (Pretoria News) weerspieël die geweldige indruk wat die koor op sy gehore gemaak het.

Plaaslike instansies wat gebaat het by vanjaar se uitvoerings is die Hospitaalraad op Carnarvon, die Gedenk-Kinderhuis op Ladybrand, en die Rapportryers van Upington, Ficksburg en Bethlehem. Dié instansies sal hulle deel van die winste aanwend vir liefdadigheid.

Net voor die afgelope toer het die koor 'n uitvoering in die Kleurlingdorp Idasvallei gehou, die opbrengs waarvan vir die dorp self aangewend sal word.

Die koor hou vanjaar nog 'n hele aantal uitvoerings ten bate van liefdadigheid.

KAAPSE OUD-MATIES KRY OOK 'n KANS!

Die Universiteitskoor hou op 13 September sy eerste lente-uitvoering vir die Skiereilandse Oud-Maties in Parow se Burgersentrum. Die besluit om elke jaar uitvoerings vir die Oud-Maties in die gebied te hou, volg op herhaalde versoeke deur die Oud-Maties self.

In die Noordelike Voorstede en omgewing alleen is daar oor die vierduisend Oud-Maties en hulle metgeselle. Ongelukkig is daar net plek vir 1 300 mense in die sentrum, en Oud-Maties word dus aangeraai om hulle plekke vroegtydig te bespreek. Dit kan in Parow gedoen word by Nasionale Boekwinkels, en in Bellville by Kempenville-Apteek. Die Koor is uitgenooi om in Julie 1976 op te tree by die twaalfde Kongres van die International Society of Music Education in Montreux in Switserland, en ook om uitvoerings te hou in Wes-Duitsland, België en Frankryk.

Die opbrengs van die uitvoering in Parow sal aangewend word om die reiskoste te help dra. Met hulle teenwoordigheid op die aand van 13 September kry die Oud-Maties dus nie slegs die geleentheid om by te dra tot 'n genoeglike Oud-Matie-aand nie, maar sal hulle ook help om die Universiteitskoor oorsee te stuur.

By die geleentheid sal die Koor se nuwe stereo-langspeelplaat ook te koop aangebied word. Die plaat, wat deur Brigadiers vervaardig is, word beskou as die mooiste wat die Koor tot dusver gemaak het.

Van die liedere wat die Koor vanjaar tydens die inhuldiging van die Staatspresident, dr N. Diederichs, gesing het, kom daarop voor, asook verskeie liedere waarmee die Koor gaan toer het en ook in Parow gaan sing. Dit kan teen R5,50 bestel word by die Bestuurder, Universiteitskoor, Departement Ontwikkeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.

BEURSE EN PRYSE

MUSIEK

Mnr Dana de Waal van Kuilsrivier (B.-Mus. I) en mej. Brigitte Bremer van Pretoria (B.A.Mus. III) het die Universiteit se musiekbeurse vir vanjaar ontvang. Die landswye Junior F.A.K.-beurs is aan mej. Christine Appel (B.Mus. I) toegeken. Op die foto staan van links mej. Appel, mnr De Waal en mej. Bremer.

HANDEL

Die Roux van der Poel-pryse vir Gevorderde Rekeningkunde en Gevorderde Ouditkunde, en die prys van die Kaapse Genootskap van Geöktrooieerde Rekenmeesters vir dié twee vakke, is vanjaar deur mnr A.J. Basson verower. Mnr Basson het verlede jaar die S.T.R. op Stellenbosch verwerf. Op die foto verskyn mnr Basson (links) saam met prof. Johan Matthee, hoof van die departement Rekeningkunde, en mnr D. Truter (regs), toe nog voorsitter van die Kaapse Genootskap van Geöktrooieerde Rekenmeesters.

LANDBOU

Die nagraadse J.L. Irvin Rumevite-studiebeurs van Sentrachem is vanjaar aan mnr Jens Kargaard toegeken. Hy is 'n M.Sc.-student in Landbou (Veekunde). Hier ontvang mnr Kargaard (middel) die beurstjek van dr W.M. O'Donovan van Rumevite (Edms) (Bpk), terwyl sy studieleier, prof. Frans van der Merwe toekyk.

TEOLOGIE

'n Allesomvattende Duitse akademiese uitruilbeurs ten bedrae van sowat R5 000 is onlangs aan die 25-jarige mnr Bobby Loubser, 'n student in sy finale jaar aan die Kweekskool op Stellenbosch toegeken. Hy kan daarmee sy studies voortsit aan die Universiteit van Tübingen.

'n Feitlik soortgelyke Rotariërbeurs vir 1975–1976 vir nagraadse studie in Wes-Duitsland is hom ook aangebied. Die Rotariërklub van die Strand het aansoek gedoen dat hy dit kry.

Mnr Loubser het die grade B.A., Honneurs-B.A. en M.A., cum laude, aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

Hy beoog om hom op Stellenbosch vir sy doktorsgraad in die teologie in te skryf en dan in Wes-Duitsland navorsing te doen vir die verwerwing daarvan. Sy proefskrif sal oor die begrip "nederigheid" in die Nuwe Testament handel.

Mnr Loubser is die kleinseun van die bekende Stellenbosse rugby-Springbok van jare gelede wie se naam hy ook gekry het. Sy vader, mnr Coenraad Loubser is landmeter op Stellenbosch.



IN MEMORIAM

Matieland het die afgelope paar maande met leedwese verneem van die heengaan van verskeie bekende Oud-Maties, dosente en oud-dosente van die Universiteit, en betuig graag sy diepste meegevoel met die naasbestaandes.

Die hoof van die departement Beeldende Kunste aan die Universiteit van Stellenbosch en 'n bekende in kunskringe in Suid-Afrika, prof. O.E.A. (Otto) Schröder is in Junie ná 'n kort siekbed in die Stellenbosse hospitaal oorlede.



Prof. Schröder is aangestel as hoof van die departement Beeldende Kunste toe dié departement in Januarie 1963 aan die Universiteit van Stellenbosch gestig is.
Hy het veral bekendheid verwerf met sy pastel-skilderye. Sowat vier maande voor sy dood het hy 'n geslaagde uitstalling in Kaapstad gehou.
Die portret-skildery van die vorige rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. H.B. Thom, wat in die H.B. Thom-teater hang, is deur prof. Schröder gemaak.
Deur die toedoen van prof. Schröder was die Universiteit van Stellenbosch se departement Beeldende Kunste onder die eerstes aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit wat ook voorsiening gemaak het vir toegepaste kuns.
Prof. Schröder is op 12 Februarie 1913 in Londen gebore. In 1919 het hy saam met sy ouers na Duitsland gegaan waar hy in Keulen en Hamburg skoolgegaan het.
Hy was van 1933 tot 1938 student aan die Kunsakademie in Hamburg en het gestudeer onder bekende leermeesters soos Oscar Boegel en Hermann Junker.
Hy het in 1938 na Kaapstad gekom. Later het hy na Windhoek verhuis waar hy 'n kunssentrum vir skoolleerlinge gestig het. Op grond van die gehalte van die werk van sy leerlinge is hy genoem as lid van die International Society for Education Through Art van UNESCO. Van sy leerlinge het ook in Duitsland die toelatingseksamens vir verdere studie aan die Duitse Akademie met goeie gevolge afgelê.
Hy het ook in Windhoek 'n tak van die S.A. Kunsvereniging gestig. As kunstenaar het hy 'n eie styl ontwikkel en is spoedig erken as een van die beste kunstenaars wat die lewe in Suidwes uitgebeeld het.
Prof. Schröder was ook direkteur van die Universiteit se Kunsmuseum waar hy keurige kunsuitstallings gereël het. Van dié uitstallings was uniek aangesien hy by kere skilderye spesiaal uit die buiteland gebring het om op Stellenbosch uit te stal.
Hy was egter ook 'n veelsydige kunstenaar en kon al die media van die skilderkuns gebruik – olie, akwarel en pastel. Hy het die tegnieke van grafiese kuns geken en was bedrewe in die toegepaste kuns. Hy het metaalwerk, emaljewerk, muurdekorasies en muurskilderye gedoen.
Prof. G.P.J. Trümpelmann, afgetrede professor in die departement Duits, het prof. Schröder baie jare lank goed geken – nog lank voor hy die eerste hoof van die departement Beeldende Kunste aan die Universiteit geword het.
Prof. Trümpelmann het in 'n huldeblyk onder meer gesê: "In my lang lewe het ek geen kollega geken wat sy werk met groter toewyding verrig het en die belange van sy departement en universiteit meer op die hart gedra het as Otto Schröder nie."

Prof. Avril Malan wat aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het en bekendheid verwerf het as akademikus, politikus en ekonoom, is in Julie vanjaar in sy strandhuis op Glenmore langs die Natalse suidkus in die ouderdom van 77 jaar oorlede.
Hy was die vader van die Hoof van die Leër, luitenant-generaal Magnus Malan en van die gewese Springbok-rugbykaptein, Avril Malan. Sy dogter Cecile was 'n



Springbok in skyfwerp.
Hy was jare lank Volksraadslid vir Gezina en ook Adjunk-Speaker van die Volksraad. In die dertigerjare was hy lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy was ook voorsitter van die direksie van Volkskas. Sy doktorsgraad het hy in 1927 aan die Universiteit van Cambridge verwerf.
Prof. Malan sal deur die Universiteit van Stellenbosch ook altyd onthou word vir die pragtige skenking van die versameling van 72 akwarelle van die kunstenaar Solomon Caeser Malan. Hy het dit in Londen teen 'n hoë bedrag gekoop en dit was sy wens dat dit aan sy Alma Mater "vir Suid-Afrika" gegee word. Hy het die waardevolle versameling op 10 Mei 1971 aan die Universiteit geskenk.
Hy word oorleef deur sy vrou, twee seuns en twee dogters.

Prof. W. Boeddinghaus wat in die vroeë sestigerjare lektor in Duits aan die Universiteit van Stellenbosch was, is in April vanjaar oorlede.
Hy was ten tyde van sy afsterwe hoogleraar in Duits aan die Randse Afrikaanse Universiteit in Johannesburg. Prof. Boeddinghaus het Stellenbosch in 1964 verlaat.

Ds A.G.E. van Velden, gewese Assessor van die Kaapse Sinode van die N.G. Kerk en 'n man wat hom op Stellenbosch as predikant bekwaam het, is in Mei op Somerset-Wes oorlede. Hy was 80 jaar

oud.
Hy het as leraar van verskeie gemeentes gedien, onder meer in die Moedergemeente op Stellenbosch en later in die gemeente Stellenbosch-Wes. Hy was leraar op Stellenbosch-Wes toe hy afgetree het. Hy het hom in 1964 op Somerset-Wes gevestig.
Ds Van Velden word oorleef deur sy vrou, ses kinders en 24 kleinkinders.

'n Agterkleinkind van die eerste ds Andrew Murray van die N.G. Kerk wat die graad B.Sc. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het en in die vyftigerjare hoofbestuurder van Ou Mutual was, is in Julie in die ouderdom van 73 jaar in Kaapstad oorlede. Hy is mnr. Thomas Abbott (Tom) Murray.
Die oorledene het in 1958 uitgetree as hoofbestuurder van Ou Mutual maar was tot sy dood 'n direkteur.
Mnr. Murray was getroud met mej. Helen Hoets. Sy het hom sewe jaar gelede ontval. Hulle was die ouers van een seun en drie dogters.

Brigadier Johannes Pienaar, broer van die afgetrede redakteur van Beeld, mnr Schalk Pienaar, is in Mei vanjaar in Pretoria oorlede. Brigadier Pienaar het die grade B.Sc. en M.Sc. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.
In die Tweede Wêreldoorlog het hy in Noord-Afrika geveg en is by Mersa Matruh gevange geneem nadat hy 'n ammunisieopgaarplek voor oprukkende Duitse magte die lug ingeblaas het.
Hy was vier jaar krygsgevangene en was in 'n kamp saam met sir De Villiers Graaff. Hy laat sy eggenote Eileen agter.

Nog 'n bekende Oud-Matie wat vroeër vanjaar in Pretoria dood is, is ds Andries Burden. Hy was daar leraar van die N.G. gemeente Villieria. Hy is op Stellenbosch begrawe.
Ds Burden het ook in die gemeente Maitland, Strand-Noord, Krugersdorp-Wes en Waterval gedien.
Hy word oorleef deur sy eggenote en twee kinders – 'n seun en 'n dogter.

Dominee D.S.S.F. (Danie) Pienaar wat aan die Kweekskool op Stellenbosch gestudeer het, is in April vanjaar kort voor sy 32ste verjaardag aan 'n ongeneeslike siekte in Port Elizabeth oorlede.
Hy was predikant op Hofmeyr en is ook daar ter ruste gelê.
Voordat hy in 1973 na Hofmeyr beroep is, was ds Pienaar leraar op Venterstad, wat ook sy eerste gemeente was.
Hy word oorleef deur sy vrou en twee jong seuntjies.

Dr Marie Hermine Ilse Thiele, wat haar opleiding as landboukundige in haar vaderland, Duitsland, gehad het en hoof was van die Universiteit van Stellenbosch se Landboubiblioteek, is vroeër vanjaar in die Stellenbosse hospitaal oorlede.
Sy het tien jaar by die Navorsingsinstituut vir Vrugte en Vrugtetegnologie op Stellenbosch gewerk en in 1968 by die Landboubiblioteek in diens getree. Twee jaar later het sy hoof van die biblioteek geword.
Haar groot lewensideaal was om dit die bes toegeruste en doeltreffendste Landboubiblioteek in die land te maak.

Nog 'n bekende persoon wat in April oorlede is, is dr A.B.W. Ferreira wat sedert die stigting van die Universiteit van Stellenbosch se departement Oogkunde aan die roer van sake was.
Dr Ferreira het eers in Kaapstad gepraktiseer en was ook verbonde aan die Karl Bremer-Hospitaal. Die vrug van sy arbeid is egter by die Tygerberg-Hospitaal te vind waar die departement Oogkunde van die Universiteit van Stellenbosch, hoofsaaklik deur sy toedoen, gegroei het tot wat dit vandag is. Hy was ook stigter van die Kaapse Oogbankstigting.
Dr Ferreira word oorleef deur sy vrou en vier kinders.

'n Oud-Matie wat hom as koerantman onderskei en groot bekendheid verwerf het oor die radio, mnr H.J. (Duiwel) de Villiers, is in Junie in die ouderdom van 73 jaar in die hospitaal op Somerset-Wes oorlede.
Hy het as jongman na die Universiteit van Stellenbosch gegaan om hom as predikant te bekwaam maar sy bynaam, Duiwel, was een van die redes waarom hy besluit het om na 'n ander kursus oor te skakel. (Dit is afgelei van die Engelse woord Devil – die eerste vyf letters van sy van.)
In 1927 het mnr De Villiers lid van die redaksie van Die Burger geword. Kort voor sy aanstelling 20 jaar later as redakteur van Die Oosterlig, was hy plattelandse redakteur van Die Burger.
Hy het gedien as redakteur van Die Oosterlig tot 1955 toe hy uitgetree het. Daarná was hy sewentien jaar lank lid van die Radioraad, o.m. tien jaar as ondervoorsitter.
Hy word oorleef deur sy vrou, Mimi, en twee kinders.

Die voorsitter van die Kaapstadse Prokureursvereniging, mnr P.M. Lombard, is onlangs ná 'n lang siekbed oorlede. Hy het hom op Stellenbosch in die regte bekwaam en was sedert 1947 verbonde aan 'n prokureursfirma in die Moederstad. Mnr Lombard was van 1969 tot 1971 en weer van 1973 tot met sy dood voorsitter van die Kaapstadse Prokureursvereniging. Hy word oorleef deur sy vrou, twee seuns en 'n dogter.

'n Bekende persoonlikheid in skolesport in die Westelike Provinsie, die Oud-Matie mnr Gerhard Lombaard, is in Mei vanjaar in Madrid, Spanje, oorlede. Hy was 30 jaar oud.
Mnr Lombaard was onderwyser in Afrikaans en Geskiedenis aan die Hoër Seunskool Rondebosch.

Mnr J.J. (Pine) Pienaar, een van die groot Matie-sportmanne van weleer, is enkele maande gelede op Potchefstroom dood. Hy het Suid-Afrika op die atletiekbaan verteenwoordig en ook vir die Westelike Provinsie rugby gespeel. 'n Tydgenoot van mnr Pienaar het hom bestempel as 'n "ware heer en 'n man wie se sportmangees vir elke sportgeesdriftige 'n pragtige voorbeeld was."

KIMBERLEY SE OUD-MATIES HOU LEKKER SAAMTREK

Die Oud-Maties van Kimberley het op 18 April vanjaar 'n baie geslaagde saamtrek gehou. Met die bekwame en sjarmante mev. Clasie Theron aan die roer van sake, was die gesellige byeenkoms een van Kimberley se hoogtepunte van 1975. Die Vise-Rektor prof. W.L. Mouton, was die geleentheidspreker.

Op die boonste foto gesels mev. en prof. Mouton met mev. Clasie Theron, voorsitster van die Oud-Matie-Skakelkomitee, en mnr Ters Theron. Op die middelste foto verskyn, van links na regs, mnr F.J.C. Swiegers, mev. J.C. Kooij en mnr L. v. Zyl. Die twee mooi Oud-Matienooiens onder links is mej. F. Blom en mev. S. Pullen. Onder regs wens ds W. Fullard en mev. C. Roux mekaar sterkte toe.

OUD-MATIES VAN TZANEEN VROLIK BYEEN

Die Oud-Maties van Tzaneen – daar is 'n hele klompie van hulle – het vroeër vanjaar gesellig byeengekom.

Hulle is toegespreek deur mnr Andries Esterhuyse, Adjunk-Direkteur van Ontwikkeling van die Universiteit. Mnr Willem Dreyer van die Johannesburgse kantoor van die Departement het ook die funksie bygewoon.

Op die foto verskyn sommige van die Oud-Maties wat daar was. Hulle is van links na regs, agter: Mev. P. Marais, mnr P. Marais, mev. J. Human, dr J. Human, mev. V. Labuschagne, mnr C. Labuschagne, mev. H. Freysen, mnr P. Freysen, mnr W. Dreyer, mev. M. Grobbelaar, mnr B. Grobbelaar en mnr P. Hoffman, en van links na regs, voor: Mev. D. Smit, mnr A. Theron, mnr D. Smit, mnr Van der Merwe, mnr A. Esterhuyse, mev. Verwoerd, ds Hendrik Verwoerd en mev. J. Hoffman.

OUD-STUDENTEKLUB IN LONDEN GESTIG

'n Klub vir oud-studente van Suid-Afrikaanse universiteite is in Londen gestig. Dit staan bekend as die South African Universities Club (UK) (Suid-Afrikaanse Universiteiteklub (UK)).

Lidmaatskap van die klub is oop vir alle oud-studente van Suid-Afrikaanse universiteite en hulle eggenote/eggenotes, asook gewese personeellede van die universiteite. Erelidmaatskappe word ook toegeken.

Die doelstellinge van die klub is om die algemene welvaart van Suid-Afrikaanse universiteite op so veel terreine as moontlik te probeer bevorder, belangstelling van oud-studente in hulle eie en ander Suid-Afrikaanse universiteite te stimuleer, vergaderings, lesings, sosiale byeenkomste en ander aktiwiteite te reël met die oog op nouer skakeling tussen oud-studente om daardeur 'n gemeenskaplike belang te bewerkstellig en 'n gemeenskaplike kultuurplatform te skep, en om donasies aan Suid-Afrikaanse universiteite te maak soos en wanneer fondse beskikbaar word. Oud-Maties wat hulleself in Londen bevind, kan vir meer besonderhede skakel met die voorsitter, mnr Bernard Wiehahn, by Fitzhardingestraat 3, Londen, W1H 9PN.

SAAMTREK IN DURBAN

Die Alumni-Skakelkomitee van Durban reël 'n saamtrek vir die Oud-Maties van Durban, Pietermaritzburg en die omliggende dorpe.

Die saamtrek vind op Dinsdag 16 September 1975 in die Hotel Edenroc, Durban plaas.

Mnr Con Botha en sy reëlingskomitee rig 'n vriendelike uitnodiging aan alle Oud-Maties in hierdie gebiede asook aan Oud-Maties wat op 16 September op besoek in Durban sal wees om hierdie saamtrek by te woon. Dit beloof om 'n gesellige byeenkoms te wees. Die groep Oud-Maties wat met die S.A. Vaal in Durban op besoek sal wees, sal ook die byeenkoms bywoon. Daar sal seker lekker gesels kan word met ou studentemaats.

Persone wat die funksie wil bywoon, moet asseblief so gou as moontlik in verbinding tree met mev. E. du Toit, Sanlam, Posbus 2086, Durban 4000 (telefoon 65541).

MNR JAMES HONIBALL EN DIE "UITDEELPAK-HUIS"

Deur: Koos Oosthuysen

Wanneer daar vandag na die reusevragmotors en die groot pakhuis van die Universiteit gekyk word, is dit baie interessant om terug te blaai na die dae van die Universiteit se uitdeelpakhuis onder beheer van mnr James Honiball wat voor hy na Stellenbosch verhuis het, 'n onderwyser in die distrik Mosselbaai was.

Dit het meegebring dat sy seun, T.O. Honiball, sy studie op Stellenbosch begin en later oorsee voltooi het.

Die Honiball-humor wat sy seun landswyd beroemd gemaak het, is egter duidelik van mnr James Honiball afkomstig.



"Wat wou jy nie verstaan nie! Jy hou jou maar so onnooslik!"

In Eikestadnuus van 9 Mei 1975 skryf mej. Annie Hofmeyr dat mnr Honiball se kantoor in Birdstraat was en meld sy dat mnr Ralph Cluver die staaltjie vertel het van hoe mnr Honiball op 'n dag in die twintigerjare 'n rekening in Engels van Gebr. De Wet ontvang het.

Mnr Honiball het teruggeskryf dat hy die rekening in Afrikaans wil hê. Per kerende pos is aan die versoek voldoen en is die rekening gelewer aan Mnr J. Heuningbal, Voëlstraat, Stellenbosch.

Soos iemand tereg opgemerk het, het die inkoper van voorrade ook maar bitter gehad in die goeie ou tyd toe Stellenbosch nog jonk was.

Op 24 Desember 1919 skryf mnr Honiball aan "Amice" (moontlik die Registrateur): "Ik heb bericht ontvangen van de Bestierder van de Distr. Bank, dat ek de stoor met de andere kamers van Jurgens en Naudé krygen vanaf 1 Januarie tegen £60 per jaar."

Maar nou kom die knoop: "Zy zyn echter niet bereid om toegang te verlenen tot de trap uit hun voorste wacht-kamer.

"Wy zullen nu maar onze koppen moeten by-elkaar teneinde de bovenste kamers te kunnen bereiken door middel van de ander trap uit die voorste stoorkamer."

Hoe lieflik toon mnr Honiball se taal, idioom en spelling reeds die ontwikkeling van Afrikaans met bv. "onze koppen".

Om hom uit sy penarie te help, gaan hy die hulp inroep van koppe soos Boy, Jan Morkel en Wakkie Krige.

Op 15 Maart 1920 roep mnr Honiball die hulp in van die Registrateur omdat "zaken niet lopen zoals die behoren te zyn tussen een van de Huismoeders, mev. P. van der Merwe, te Prima, en myzelf en ik wens u vriendelik te vragen een onderzoek in te stellen.

"Zy schynt gedetermineerd te zyn alles voor my zo moeilik te maken, en my ook te beledigen.

"Aardappelen, uien, enz. waarvoor ik geen plaats heb, wil zy niet meer dan een zak op een tyd ontvangen . . . Zy heeft nu al met my scherpe uitvallen gehad omtrent koffie, uien, aardappelen en lampolie . . . Met de andere tien huismoeders ben ik sover goed over weg gekommen."

'n Nota op die brief toon dat die Registrateur op 24 Maart 1920 mev. Van der Merwe gespreek het, maar dié dame se van was duidelik nie Van Vreeden nie!

Op 20 November 1920 skryf hy aan "Het Koshuis Komitee" dat dit 'n onmoontlike saak is om met die "Huismoeder van Prima op behoorlike wyze over weg te komen."

Selfs die forse mnr Paul Roos was vir die huismoeder lugtig want dit is aan hom opgedra "te trachten een goede verstandhouding tussen ons teweeg te brengen, doch hy liet my twee dagen tervergeefs wachten."

In 'n nota skryf mnr Honiball dat mnr Roos tog op sy kantoor was, maar dat hy hom nie daar gekry het nie.

(Die Hoër Seunskool was toe nog onder beheer van die Universiteitsraad wat, soos tot vandag, die Paul Roos-Gimnasiumkomitee benoem. In Prima en Industria was toe skoolseuns en in Quarta en Tertia universiteitstudente. Die koshuise was almal op die terrein van die huidige P.R.G.-koshuise.)

"Met de andere tien huismoeders ben ik zover goed over weg gekomen." V.l.n.r.: Mev. Van der Merwe, Oom Polla, mnr. Heuningbal.



Bêreplek het 'n probleem gebly en mnr Honiball wou graag op groot skaal en op geleë tye wanneer seisoenspryse laer was, soveel moontlik aankoop.

In die somer wou hy brandhout inkoop, asook "aardappelen, potats, pompoenen en uien". Soms het die "perishables" hom baie hoofpyn besorg. (Wat sou hy vir 'n groot koelkamer wou gegee het?)

Die inflasie het hom ook gedruk en op 19 Mei 1920 vra hy beleefd dat die komitee sy salaris 'n weinig moet verhoog "daar ik het haast onmogelik vind met myn tegenwoordige salaris uit te komen wegens de hoge prysen van lewensmiddelen."

'n Kantaantekening in potlood gee die bedrag van £450 wat moontlik die jaarlikse salaris aandui.

Dat die Universiteitsraad van daardie dae nog tyd gehad het om ook op die besonderheidjies te let, blyk uit 'n briefie van die Registrateur, mnr D.J. Ackermann (1917 - 1923), waarin hy onder datum 17 Junie 1920 in pront Afrikaans skryf: "Ek het opdrag U mee te deel dat die Raad besluit het U, na advies van 'n komitee bestaande uit die Registrateur, dr Cillié en mnr De Waal, te magtig 'n hoeveelheid koren te koop."

Opmerklik dat so 'n gewigtige komitee niks meld van die werklike hoeveelheid of pryse nie. Dit is nou waarlik 'n geval van waar die beginsel goedgekeur is!

Van uit die "Uitdeel Pakhuis" skryf die Universiteit se "Inkoper" dat vervoermiddels na die koshuise uiters primitief is.

"Reparasie aan kar en tuig is die laaste jaar £8 gewees, en ek sal alweer twee nuwe wiele moet laat inset." Die donkies veroorsaak ook baie probleme, ergernis en skade aan mense se tuine wanneer die hekke ooplê "... en soms is die donkies dae lank op soek."

Dan kom die groot versoek: "Ek wil dus baie graag u beleef vra of u my nie met beter vervoermiddels kan voorsien nie, soos 'n kleine ligte motorlorrie. Ek sal dankbaar wees as daar 'n verandering kan kom voordat die reentmaande kom.

"By voorbaat baie dankie."

Oor dié dae vertel mnr T.O. Honiball, wat die tekeninge spesiaal vir Matieland gemaak het, soos volg:

"Ek onthou nog as seun die ellende wat my vader en veral ou Danie Michau met dié mev. Van der Merwe gehad het. Danie was die enigste hulp wat my vader gehad het. Hy was so 'n tingerige, benerige Kleurling. Hy het jare en jare vir my vader gewerk en was net so deel van daardie besigheid soos enige donkie, paneelwa of 'n mevrou Van der Merwe!

"As ek reg onthou, het Danie eers 'n stootkarretjie – soos die vrugteverkopers in Kaapstad – gehad waarmee hy die bestellings by die koshuise gaan aflaai het. Dié het later plek gemaak vir die eendonkiekarretjie en daarná die "Chev. Van".

"My vader moes Danie leer bestuur. Danie het net twee oogtande in sy mond gehad en was op sy manier nogal godsdienstig – ouderling in ds. Latsky se Sendingskerk.

"Ek onthou nog hoe Danie op reëndae moes gaan donkie soek en hoe hy met die donkie geraas het as hy hom uiteindelik in die hande gekry het. As ek hom vra: 'Danie, hoekom praat jy so met die donkie? Hy verstaan jou mos nie! ' was sy antwoord:

" 'Kleinbaas, watnou hy verstaan nie; hy hóú hom maar so onnooslik! ' "

Ja-nee, wanneer daar vandag gekyk word na die vragmotors en die groot pakhuis van die Universiteit, dan lyk die prentjie anders!

Wat sou ou mev. Van der Merwe gesê het as hulle in plaas van een sak aartappels, die voorrade by haar deur kom aflaai het wat deesdae in een jaar in die koshuise gebruik word? Sou sy ooit kon dink dat die dag sou aanbreek dat Stellenbosch se koshuisstudente in een jaar alleen 6 624 sakke aartappels opeet, 52 584 bossies wortels en beet, 21 432 koppe blomkool, kopkool en slaai, 143 300 piesangs (afgesien van die 39 000 kilogram bevrore groente), 152 000 brode, 32 000 kilogram botter, 16 500 kilogram kaas, 18 500 kilogram margarine, 770 400 eiers, 40 271 kilogram konfyt, 73 750 kilogram suiker, 23 200 liter roomys, 30 179 kilogram vis, 'n trop van 595 beeste (insluitende 20 kilometer wors!), 2 000 skape, 135 varke en 30 000 hoenders, en dit daarby afspoel met 45 600 liter vrugtesap (slegs by ontbyt!), 318 000 liter melk, koffie gemaak van 9 000 kilogram moer, en byna soveel tee!

En ou oom Honiball sou seker groot geskrik het om te hoor dat die dieselverbruik vir die oliestowe en warmwaterinstallasies 1 086 000 liter per jaar beloop, en dat sy uitdeelpakhuisie met die eendonkiekarretjie gegroei het tot 'n reus wat deesdae digby die driemiljoen rand se goedere per jaar hanteer!

Die koshuis Prima, soos dit vroeër jare daar uitgesien het. Die kwaai mevrou Van der Merwe wat vir mnr Honiball soveel moeilikheid besorg het, is darem nie een van die dames wat onder die eikeboom sit nie! Die foto is in 1909 geneem, nog voordat mev. Van der Merwe die koshuismoeder geword het.
Dit is waarskynlik by die einste voordeur, net agter die twee knape by die boom, dat mnr Honiball bittere tye beleef het onder 'n vloedgolf van raaswoorde van die koshuismoeder, oor wie hy later sou kla dat "zaken niet lopen zoals die behoren" tussen hulle nie.

AS U GELD STU-KRAG VRA.

Dis nie speletjies om geld te belê nie. Vandag nog minder as voorheen. Want deesdae moet u geld inflasie kan hokslaan.

Dus, voor u sommer in enige spaarrekening gaan geld belê, vra uself eers af:

(i) Kry ek die hoogste beskikbare rentekoers?

(ii) Is daar dalk versteekte finansiële koste wat my rentekoers verminder?

(iii) Word my rekening maandeliks met die rente gekrediteer – of net een keer per jaar? (As u maandeliks gekrediteer word soos by Nedbank, verdien u spaargeld saamgestelde rente, en u belegging groei soveel vinniger.)

(iv) Word ek beskerm teen 'n skielike daling in rentekoerse – en gaan ek baat as die koerse weer klim?

(v) Kan ek geld trek as ek wil?

U sal vind Nedbank weet die beste raad met u spaargeld. Wát u besondere behoefte ook al mag wees. En as u eers 'n Nedbanker is, sal u 'n Nedbanker bly.

Nedbank Beperk
Geregistreerde Handelsbank
'n Lid van die Nedsual-groep.

DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS

NEDBANK

VZ75/4916

alle soorte
drukwerk, verpakking,
tydskrif- en
boekpublikasie,
asook
advertensie-
promosie

tel:53-2011 Kaapstad
tel:836-9391 Jhb.

TRIO-RAND

TRIO-RAND · S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPYE

TRIO-RAND DRUKKERS, S.A.LITHO,
PREMIER STATIONERY, REPROGRAPH
REPRODUCTIONS, AFRIC MAIL ADVERTISING,
SCOTT PUBLICATIONS, KRAFTPAK,
STANDARD PRESS, SPECTRUM OFFSET,
DAGBREEK PERS (KAAP), KOMPERPRINT,
BRANDWAG PERS, MASKEW MILLER,
PLASTICWRAP